# HOOFSTUK SEWE

# PRAKTIESE RIGLYNE VIR DIE VISUELE PREDIKING

## 7.1 Inleiding

Eredienste dryf élke ander dimensie van die gemeentebediening aan en skep daardie besondere dinamika wat entoesiasme, optimisme, inspirasie, visie en energie tot gevolg het (Hybels 2005). “The hour on Sunday can be a time of wonder, a time of transformation, maybe even a time of awe” (Beach 2004:18). In die woorde van Hybels: “As the weekend services go, so goes the church” (Hybels 2005). Eredienste vorm die kulminasiepunt van die gemeentelike lewe (Van Tonder 2006:38; vgl Vos en Pieterse 1997:6, 7 en 16).

Wanneer oor hierdie hartsaak van die gemeente gepraat word, beteken dit nié dat kerkwees gelyk aan die erediens is nie. Natuurlik is die kerk baie meer as die uur een maal per week (Niemandt 2007:84) of ’n blote byeenkoms op Sondae (Niemandt 2007:54). Post-moderne gelowiges wil juis die modernistiese dualisme deurbreek waarbinne Sondag en Maandag van mekaar geskei word (Niemandt 2007:73).

Máár die unieke impakterende rol wat die erediens speel kan selfs binne ’n post-moderne konteks nooit onderskat word nie. Vir Barnard is die erediens die organiese hoogtepunt in die voortdurende verbinding van die heen en weer met alle ander gebeure van die kerk (Barnard 1981:62; vgl Vos en Pieterse 1997:16). “Those weekly services define what matters to a church and it’s leaders, what they will focus on all week, what part of God’s Word will challenge them, and how they’ll experience God’s supernatural presence and power” (Beach 2004:23).

Prediking maak ‘n belangrike deel daarvan uit (Vos en Pieterse 1997:248): “Transformational teaching is the foundation of any powerful hour on Sunday” (Beach 2004:228). Van die eerste gelowiges in Jerusalem staan daar in Hand 2:42 geskryf: “Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983). God se primêre wyse van die kommunikasie van hierdie leer geskied altyd deur die prediking (Miller 2006).

Prediking is en bly die kommunikatiewe eis van die lewende God aan sy kerk (Pieterse 2001:18; Robinson 1980:17; 2 Tim 4:2; 1 Pet 1:23-25). Só ernstig voel Young oor die plek van die prediking in die gemeentelewe dat hy voorskryf dat die prediker tot sewentig persent van sy of haar arbeidstyd daaraan moet spandeer (Young 2006).

Ongelukkig het prediking met tye die Bybelse mandaat van proklamasie (Lischer 2005:23) of verkondiging (Lischer 2005:44) onder die invloed van die modernisme verloor en verword tot toespraak, teologiese diskoers, lopende kommentaar van Bybelkommentators en vers-vir-vers-eksegese van die antieke tale (Pagitt 2006; Allen 2006; Barnard 2009:272).

Toespraak se werkwoord-variant, spréék, loop die gevaar van beperk wees tot die orale woord van die oratoriese diskoers en het goeie luisteraars meer as deelnemers vereis (vgl Lischer 2005:6). Selfs die argitektoniese ontwerp van kerkgeboue het hierdie eenrigting-verkeer van toespreek-kommunikasie sterk ondersteun (Pagitt 2006).

’n Herontwerp van prediking is daarom volgens Pagitt dringend nodig (Pagitt 2006). In wese het hierdie herontwerp te make met ’n nuwe verstaan van die prediking as ‘n trialogiese interaktiewe ontmoetingsgebeure, wat die mens op multi-sensoriese heelbreinwyse saamneem op ’n dinamiese geestelike reis waar die persoonlike belewing van God in ’n transendente manifestasie van die bonatuurlike tot vernuwing en verandering aanleiding gee.

Groot erns moet vir hierdie rede met die kommunikatiewe inrigting van die erediens as ontmoetingsgebeure, binne die verkondiging van die Woord van God en die aanbidding van die lewende God gemaak word (vgl Vos 2009:297 en 305). Aanwending van die verskeie visuele kommunikasiemediums ter wille van die verkondigingswaarde in die prediking kan meehelp om die impak van die erediens drasties te verhoog, terwyl dit ook die toespraak-karakter van die preek kan help omswaai na die kerugma-karakter van die Bybelse mandaat.

Gebruik van visuele sigtelike uitbeeldings in prediking is in hierdie studie gestel as ’n legitieme vorm van homiletiese aanbieding (Jensen 2005:ix). Woorde faal predikers dikwels, en beelde kan juis hierdie leemte van woorde aanvul (vgl Campbell 1981:20). Visuele prediking is dus nie die nuutste modegier vir predikers wat op vermaaklikheid ingestel is nie (Blackwood 2009:1), maar die erkenning van die noodsaaklikheid van die heelbrein-kommunikasie (vgl Jensen 2005:ix).

In hierdie hoofstuk gaan die prakties-teologiese beginsels soos dit uit die vorige hoofstukke duidelik geword het, binne die praktyk van die erediens en veral die prediking toegepas word, om uiteindelik uit te kom by praktiese riglyne waarmee die hedendaagse prediker die post-moderne visuele generasies deur middel van visuele uitbeelding kan aanspreek.

## 7.2 Definiëring van 'beeld'

Visuele uitbeelding soos die term in hierdie studie aangewend word, word kortliks as 'beeld' beskryf. Beeld soos dit hier gebruik word, word verstaan as die visuele sigtelike metafoor wat langs die orale metafoor of skriftelike metafoor van die verbeelding as 'n selfstandige uitdrukkingsvorm van visuele kommunikasie staan (vgl Vos 2008:39). Vyf betekenis-kategorieë van beeld, wat sowel sig-beeld as denk-beeld insluit, kan onderskei word (vgl Jensen 2005:10):

1. Grafiese beelde – prentjies, standbeelde, kunstige ontwerpe, foto's.

2. Optiese beelde – spieëlbeelde, lig-projekterings.

3. Persepsuele beelde – sensoriese data, rekwisiete, illustratiewe hulpmiddels.

4. Denkbeeldige beelde – drome, herinneringe, idees, verbeelding.

5. Verbale beelde – metafore, analogieë, narratiewe.

Vir die doel van hierdie studie lê die fokus grotendeels op die eerste kategorie: grafiese of visuele uitbeeldings. Hiermee word die projektering van optiese beelde ook ingeskakel soos dit tot die visuele vertoning daarvan op projeksie-skerms binne die erediensruimte betrekking het (vgl Jensen 2005:10 en Hogan 2008:147).

Visuele prediking en uitbeelding gaan nie alleen maar net oor die visuele projeksie van beelde op skerms of die konkrete uitbeelding daarvan deur middel van grafiese kuns of beeldende kuns binne die erediensruimte nie (Denison 2006:25). Hierdie wanpersepsie is steeds tiperend van die liniêre modernistiese denkpatroon

wat volhou dat visuele beelde bloot die punte wat gemaak word moet ondersteun (Johnston 2001:143; vgl Campbell 1981:19-21 en Hogan 2008:146).

Só 'n linkerbrein-fokus is nie wat met visuele uitbeelding in gedagte is nie, maar eerder 'n verbreding na heelbrein-kommunikasie waar die regterbrein ook volledig in spel kom (Johnston 2001:143). Om die regterbrein-kommunikasie te stimuleer sal sensories-sigtelike beelde dus 'n selfstandige rol vervul (Jensen 2005:140).

Wanneer van visuele uitbeelding gepraat word, het dit nie slegs met foto's of tekenkuns te doen nie, maar sluit dit visuele uitbeeldings in soos dit in die uitvoerende kunste deur byvoorbeeld die fisieke genre van drama, dans en mimiek uitgebeeld word. Ook inkorporeer dit fisiese en persepsuele visuele hulpmiddels en rekwisiete wat die prediker tydens 'n visuele illustrasie binne die preek gebruik (Beach 2004:236).

'n Verdere dimensie van uitbeelding wat wel ook hier betrekking het, is die denkbeeldige uitbeelding wat aansluit by die vierde kategorie van beeld soos dit deur die stimulerende effek van visuele metafore of visuele narratiewe op die menslike verbeelding na die menslike bewussyn kom (vgl Vos 2008:39). Poësie soos "Gigante" van Vos illustreer dit goed (Vos 2009:33):

"Die beeldhouer blaas asem
in 'n massiewe stollingsklip;
sy beitel hap log marmervlees,
tap bloed in die klip tot
uit die koue rots 'n jong wagter opstaan,
oë groot en weerloos, lyf lammetjiesag.
Hy staan onverskrokke met sy slingervel
om met Goliat, die Godterger, af te reken."

’n Laaste kategorie wat onder visuele uitbeelding beskryf sal word, is die visuele lewering en oordrag van die preek deur die betrokke prediker (Fry Brown 2008:104 en 105). Kreatiewe en konkretiserende visuele aanbieding sowel as die visuele verpersoonliking van daardie aanbieding deur die prediker vorm ’n noodsaaklike bestanddeel binne die proses van visuele kommunikasie (Johnston 2001:160).

’n Vraag waarmee die prediker telkens sy of haar voorbereiding vir elke preek moet begin, word deur Miller aan die orde gestel: ‘Wat sal in hierdie preek verbeeld word?’ (Miller 2006). Hierdie vraag veronderstel dat die plek wat visuele uitbeelding binne die verkondigingsdimensie van die preek inneem, nie bloot terloops of as nagedagte geskied nie, maar ’n doelbewuste kommunikatiewe fokus het. Enige prediker wat heelbrein wil kommunikeer, sal telkens hierdie vraag probeer beantwoord (vgl McDougall 2009:12).

Wanneer die prediker die gewoonte aanleer om hierdie vraag met die drie vrae te inkorporeer wat Willow Creek gemeente in Chicago se predikers voor die aanvang van enige preekvoorbereiding vra, naamlik ‘Wat wil ek hê moet mense leer?’ ‘Wat wil ek hê moet mense voel?’ en ‘Wat wil ek hê moet by mense verander?’ (Beach 2004:235) gaan die prediking werklik relevant word vir die multi-sensoriese heelbrein- en visueelgedrewe mens.

## 7.3 Visuele uitbeelding deur middel van grafiese beeld

Grafiese beelde is uiters kragtige kommunikasie-instrumente (Denison 2006:25). Prentjies, foto’s, tekenkuns, videosnitte en konkrete visuele hulpmiddels skilder beelde wat die hoorder/kyker begelei na ontdekkings en belewenisse waarby blote woorde nie noodwendig kan uitkom nie (Denison 2006:10; vgl Sweet 1999:203; Jensen 2005:133; Campbell 1981:20; Burke 2005:75).

Soos Jesus, kan vandag se homileet, deur dit wat vir die hoorder/kyker bekend is, die effektiwiteit van die kommunikasie met rasse skrede laat toeneem (Jensen 2005:100; Johnston 2001:152; 165). In navolging van die groot Prediker, sluit die hedendaagse prediker ook by die situasie van die gemeente aan (Johnston 2001:153; Hogan 2008:140).

Volgens Mathewson het navorsing aangetoon dat die retensievermoë van mense selfs viervoudig toeneem wanneer van visuele uitbeeldings in prediking gebruik gemaak word (Mathewson 2007:3). Ander navorsers het aldus Mathewson weer in aansluiting daarby bevind dat mense tot veertig persent meer van die boodskap onthou wanneer dit met visuele hulpmiddels ondersteun word (Mathewson 2007:3).

Tegnologiese kommunikasiemediums soos 'PowerPoint' maak dit vandag moontlik om letterlik énige kunswerk tot binne-in die erediens te bring (Niemandt 2007:115). Sodoende word die wêreld van die preek drasties vergroot, die informasie- en belewingskopus van die preek verbreed, en die hoorder/kyker nouer met die alledaagse en bekende wêreld in verbinding gebring (vgl Detweiler 2005:98).

Is die gebruik van 'PowerPoint' in die vertoning van visuele beelde op 'n skerm binne die erediensruimte, as deel van die prediking, egter noodwendig in wese visuele prediking? Afhangende van hoe die prediker dit opstel en aanwend kan 'PowerPoint-aanbiedings' nog steeds 'n linkerbrein-gedomineerde funksie verrig wat die menslike verbeelding latent laat en die denkbeeld-dimensie in 'n sluimerende status agterhou. Denison noem dit "...a nice picture with a theme" (Denison 2006:25).

‘PowerPoint-aanbiedings’ wat op ’n liniêre, didaktiese, diskoersiewe en verklarende wyse gestruktureer word om bloot punte van die preek te onderstreep (Smith 2006; Hogan 2008:146; Lischer 2005:25) of bloot die teksvers van die preek te vertoon, druk steeds die linkerbreingefokusde, intellektuele literêre denkpatroon van die modernisme uit (Denison 2006:25; vgl Sweet 1999:207).

Wat vandag nodig is, is ‘PowerPoint-aanbiedings’ wat oor die metaforiese ‘corpus callosum’ kan reik na die regterbreindimensie van kreatiewe mitologiese beeldende denke (Denison 2006:26). Om die boodskap binne beelde en uitbeeldings te verpak word ’n kragtige appèl tot ’n heel ander dimensie van die menslike psige gemaak (Johnston 2001:166; vgl Burke 2005:76).

Hoe maak die prediker hierdie wesenlike sprong van die linkerbrein-denke na die heelbrein-holisme waar beeld heers? In ander woorde gestel, hoe beweeg die prediker van skyfie-vertonings na beeldpreke? (Jensen 2005:135). Volgens Jensen verskuif die preek vanaf ’n denke in idee na ’n denke in beeld wanneer die beeld sélf die organiserende sentrum van die preek word (Jensen 2005:127 en 135).

In die volgende paragrawe word praktiese riglyne aan die hand van bepaalde omskrywende terme neergelê waarmee hierdie kommunikatiewe verskuiwing na die visuele beklemtoning aangedui word. Elkeen van hierdie praktiese riglyne wil die prediker tot visuele prediking begelei deur die visuele intelligensie te verhoog:

### 7.3.1 Non-liniêr

Groot dele van die lewe is nie-liniêr (Niemandt 2007:116; vgl Hogan 2008:147). Allermins is dit chaoties, maar nie noodwendig altyd vooraf beplan en logies gestruktureerd met verwagte uitkomste waar die hoorder/kyker presies weet wat kom en met sekerheid vooruit kan

antisipeer nie (vgl Niemandt 2007:116). Geen mens ken immers die lewe so nie, en prediking word wêreldvreemd en selfs vervelig wanneer dit op hierdie wyse funksioneer (Beach 2004:187).

'PowerPoint-aanbiedings' kan treffend aansluit by daardie nie-liniêre verloop van die lewe waaraan die gemeente so goed gewoond is, deur soms die gedagtegang van die preek te swaai of te onderbreek ter wille van nuwe fokus, hernieude konsentrasie of verrassing, en selfs veelvlakkige kommunikasie (vgl Johnston 2001:109; Van Tonder 2006:103; Jensen 2005:128).

Veelvlakkige kommunikasie kan byvoorbeeld tot stand kom wanneer die 'PowerPoint-aanbieding' parallel met die preek 'n tweede storielyn vorm. Terwyl die prediker die Bybelverhaal vertel of lees, verbeeld die visuele uitbeelding 'n hedendaagse verwante verhaal wat gelyklopend afspeel (Jensen 2005:128; vgl Sweet 1999:163).

Sweet praat in hierdie verband van stapelstories of opgehoopte narratiewe waar verskillende verhale of verlope in en uit van mekaar in 'n spiraalvormige sirkel beweeg (Sweet 1999:207). Waar die gedrukte medium die liniêre denkpatroon van logiese verloop geskep het, skep die elektroniese visuele medium 'n meer natuurlike, organiese en minder enkelvoudige denkpatroon (Sweet 1999:207). Hierdeur word 'n beweeglike hiperteks geskep met verskeie onderliggende tekste (Sweet 1999:207).

### 7.3.2 Beeldgedrewe

Aan die een kant gaan dit by die beeld-gedrewe prediking om 'PowerPoint-aanbiedings' wat nie woord uitbeeld nie, maar bééld (Mathewson 2007:1).

Uiteraard kan dit steeds met die tipies modernistiese denkpatroon in een preek gekombineer word om die verskeidenheid van mense in die gehoor aan te spreek, of andersins kan dit preek na preek afgewissel word ter wille van verskillende genres of gehoor-fokusse (vgl Jensen 2005:105).

Aan die ander kant gaan dit by beeld-gedrewe prediking om 'PowerPoint-gedrewe' prediking in plaas van blote 'PowerPoint-ondersteunde' prediking (vgl Mathewson 2007:1). Eersgenoemde verskil van laasgenoemde in dié sin dat die liniêre gedagtegang van die redelike feitelike gegewens vervang word met beelde wat gedagtes en gewaarwordinge oproep, wat tot 'n nuwe geestelike bewussyn aanleiding gee waar 'n appèl op die logika van die menslike verbeelding gemaak word (vgl Jensen 2005:135).

Beeldgedrewe aanbiedinge vervul 'n liturgiese rol eerder as 'n blote kommunikatiewe rol. Liturgiese beelde speel in hierdie sin 'n selfstandige verkondigingsrol wat essensieel tot die prediking bydra, en selfs met tye die prediking kan wórd (vgl Denison 2006:25). Liturgiese beelde kan bepaalde liturgiese elemente uitlig of 'n besondere liturgiese oomblik skep waar die beeld of uitbeelding kragtig tot die gemeente spreek (Jensen 2005:140).

### 7.3.3 Eenvoud

'Minder is meer,' bly ook hier die prediker se wagwoord (Mathewson 2007:3; Jensen 2005:122). Hoe meer beeldende skyfies in die aanbieding gebruik word, hoe groter word die informasie-interaksie. Aan die ander kant is die visuele generasie wat deel van die gemeente uitmaak, gewoond aan die massamedia se visuele tegnieke van kits-kommunikasie waar beelde selfs met tiendes van sekondes oor die skerm flikker (Sweet 1999:205).

Sweet onderstreep dat die menslike denke juis vinniger op beeld as op logika reageer (Sweet 1999:203).

Tog kan ’n goeie saak uitgemaak word vir eenvoudiger visuele uitbeeldings wat retensie en emosionele interaksie, waarvoor juis meer tyd en eenvoud benodig word, kan verhoog (Johnston 2001:63). Rondom een goed-gekose visueel-aangrypende en kragtige beeld of video-insetsel kan ’n hele preek ontwikkel (vgl Jensen 2005:135; 137; 140).

Wanneer ’n preek rondom een enkele beeld gebou word, kan dit baie dramaties beklemtoon word deur daardie beeld deur die hele preek te vertoon (Jensen 2005:140). ’n Welgeplaasde visuele uitbeelding kan die gemeente begelei na ’n dieper denkbeeldige interaksie en hulle na die teks neem eerder as andersom (Mathewson 2007:3; vgl Beach 2004:231).

Ook wat die gebruik van video-insetsels betref, geld die ‘minder is meer’ beginsel steeds volledig. ’n Goeie gemiddelde tyd vir die vertoning van ’n videosnit sal tussen vier en ses minute wees (Jensen 2005:103). Indien die videosnit te kort is, kan dit eerder steurend op die kommunikasieproses inwerk, terwyl ’n langer videosnit mense se belangstelling kan verloor.

### 7.3.4 Stilte

’n Uiters effektiewe wyse om ’n geprojekteerde beeld te gebruik binne ’n meditatiewe proses van gefokusde nadenke waar die beeld toegelaat word om tot die kyker te spreek, is om ’n stiltemoment binne die erediens te skep waar alleen die geprojekteerde beeld die fokus vorm. Binne die stilte geskied oordenking wat deur middel van beeld opgeroep word en waardeur

die kyker toegang tot sy of haar dieper belewingpsige verkry (vgl Denison 2006:26).

Nog ’n variasie hiervan geskied binne die kontemplatiewe erediens waar ’n goed-gekose en -opgestelde visuele aanbieding die plek van die liturg vir daardie spesifieke geleentheid volledig inneem (vgl Jensen 2005:135). So word die gemeente deur ’n stilwordproses geneem tot oordenking van ’n bepaalde Skrifgedeelte en uiteindelik diepgaande aanbidding deur middel van gebedsliedere of stilgebed.

Nooit gaan dit egter daarom dat die visuele aanbieding die liturg word of vervang nie – eerder is dit die liturg wat deur middel van hierdie medium die erediens en die ontmoetingsproses begelei. Wanneer die liturg op hierdie wyse terugstaan, kan ’n kragtige Goddelike moment tot stand kom (vgl Beach 2004:207 en 215).

’n Verdere dimensie van stilte kan visuele stilte genoem word. In ’n hedendaagse konteks waar die visuele sintuig van die mens met inligting oorweldig word (vgl Sweet 1999:112 en 167), het mense met tye ook ’n beeldstilstand nodig. “People are desperate for simplicity” (Sweet 1999:168). ‘n Goeie balans moet daarom tussen visuele stimulasie en visuele stilte gevind word.

Sulke momente van visuele stilte kan binne die erediens ingebou word deur op gegewe oomblikke géén visuele stimulasie toe te laat nie ter wille van innerlike nadenke of ’n na-binne-kyk-geleentheid, of minstens die visuele stimulasie tot so ’n mate te beperk of te vereenvoudig dat ’n visuele rusmoment daardeur tot stand kom (vgl Jensen 2005:103).

### 7.3.5 Teksverheldering

Beelde se bedoeling is steeds om die teks waarop in die preek gefokus word op te helder en daarom nooit ’n doel opsigself nie (Smith 2006; vgl Jensen 2005:138). Selfs al wórd die beeld die ‘teks’ binne die preek en ‘spreek’ dit selfstandig tot die kyker, moet dit áltyd nog die Woord uitbring of belig – dit impliseer dat die beeld kommunikatief sterk genoeg moet wees om steeds die Woord aan die spreek te kry (Jensen 2005:140).

Diep-sprekende beelde verhelder die evangelieboodskap in mense se gees en begelei hulle tot ’n dieper interaksie met die teks (vgl Beach 2004:230). Wanneer die visuele beeld mense na die teks begelei word daar met nuwe oë en groter openheid na die teks gekyk, en het die beeld geestelike groei gestimuleer.

In die geval waar die sigtelike beeld die teks vir daardie geleentheid ís, moet die prediker verseker dat die beeld die Bybelse inhoud duidelik en sonder kompromie oordra. God se Woord moet in alle gevalle steeds suiwer geskied selfs wanneer dit deur beeld eerder as woord na die menslike bewuste kom (vgl Jensen 2005:137).

### 7.3.6 Verweefdheid

Enige beeld wat geprojekteer of andersins visueel aangebied word, moet nou met die teks en die res van die boodskap verweef word (Smith 2006; Beach 2004:242). Nie alleen moet die genre van die teks en die genre van die beeld komplementerend op mekaar inwerk nie, maar die visuele uitbeeldings moet kan inskakel sonder dat lywige verduidelikings of begripspronge nodig is (vgl Van Tonder 2006:106).

Natuurlik beteken dit nie dat verrassing, afwisseling, non-liniêre verskuiwinge of veelvlakkige kommunikasie hierdeur weggeneem word nie, solank die beeld telkens korreleer met die groter konteks van die kommunikasie-reis (Johnston 2001:160). ’n Duidelike konneksie tussen die beeld wat vertoon word en die woorde wat dit vergesel speel ’n groot rol in die effektiewe kommunikasiegebeure (Jensen 2005:121).

### 7.3.7 Kwaliteit

Geprojekteerde beelde of video-insetsels moet ten alle tye van hoë gehalte getuig en duidelike sigbaarheid besit, indien dit sprekend tot mense moet wees (vgl Beach 2004:152). Kunstige visueel-stimulerende en visueel-strelende beelde van hoogstaande kwaliteit spreek die sintuie sterk aan en ondersteun die boodskap sowel as die proses waartoe die prediker die hoorder/kyker oproep (vgl Romanowski 2007:127).

Sodra die beginsel van uitnemendheid of voortreflikheid ook in die voorbereiding van die visuele uitbeelding ernstig opgeneem word, sal dit meebring dat die hoorder/kyker ook die kommunikatiewe bedoeling daarmee sowel as die boodskap daaragter ernstig opneem (vgl Beach 2004:140; 152). Saam met die kwaliteit van die visuele voorstelling is die gehalte van die tegnologiese aanbieding van dieselfde belang (Jensen 2005:121).

Iemand wat visuele tegnologie binne die erediens en prediking aanwend, moet persoonlik daarmee gemaklik wees en dit vooraf ingeoefen en getoets het. Geen groter boodskap van onvoorbereidheid en onprofessionaliteit word uitgedra as wanneer die prediker of liturg binne die aanbieding moet begin rondskarrel omdat die tegnologie hetsy nie behoorlik vooraf getoets

is, of die aanbieding nie vooraf op die vertoonskerms deurgegaan is ter wille van sigbaarheid en inoefening nie.

In aansluiting hierby skryf Beach: "Of all people, Christians should be addicted to quality and integrity in every area, not looking for excuses for second-best. We must demand higher standards" (Beach 2004:150). Enige vrywilliger wat by die tegniese en visuele bediening van die gemeente betrokke raak, moet duidelik bewus wees van die hoë standaard wat vereis word, en moet ook bereid wees om na behore opgelei te word (vgl Jensen 2005:107).

Deel van die keuse van kwaliteit uitbeeldings behels ook 'n smaakvolle, sensitiewe en fyn polities-korrekte aanvoeling (Jensen 2005:122; vgl Fry Brown 2008:110). Wanneer uitbeeldings negatiewe assosiasies by mense oproep, of kontroversiële en onvanpaste ervarings tot gevolg het, sluit dit die kommunikasiekanaal dig toe (vgl Jensen 2005:101). Indien die prediker deur die beeld egter doelbewus reaksie wil uitlok, moet hy of sy dit goed binne 'n konteks plaas of met sensitiwiteit verduidelik.

### 7.3.8 Illustrasies

Ten spyte van die kommunikatiewe tegnologie wat vandag tot die prediker se beskikking is, bly die eenvoudige uitbeelding deur middel van die een of ander fisiese hulpmiddel of rekwisiete steeds 'n kragtige visuele boodskap (Beach 2004:236; vgl Lischer 2005:119). Op die verhoog of binne die erediensruimte kan konkrete uitbeeldings uiters persoonlik beleef word (vgl Jensen 2005:102).

Effektiewe lering kan hierdeur plaasvind omdat die assosiasie van die illustrasie na die teks en die boodskap deurgetrek kan word (Beach 2004:237; vgl Lischer 2005:109). Behalwe dat die illustrasie die geheue-skakel na die teks en boodskap word, stimuleer dit ook ontvanklikheid en prikkel dit die belangstelling wat leer en groei tot gevolg het (vgl Beach 2004:239).

Lischer wys op die gevaar van die preek-illustrasie, wanneer dit neig om die preek oor te neem en die aandag van die evangelie af te trek (Lischer 2005:110). Illustrasies moet die boodskap verhelderend verpak sowel as die teks belig en daarom telkens goed deurdag wees voordat dit binne ’n preek aangewend word (vgl Lischer 2005:111).

#### 7.3.9 Afwisseling

Een van die grootste geheime van visuele prediking, net soos in die geval van oratoriese prediking, is in afwisseling geleë. Natuurlik gaan dit nooit om die afwisseling as sulks nie, maar liewer om die kreatiewe verskeidenheid wat elke preek ’n unieke en onvergeetlike ervaring maak (vgl Jensen 2005:104). Selfs wanneer video-insetsels of ‘PowerPoint-aanbiedings’ weekliks op dieselfde wyse aangewend word, kan dit stereotiperend word en die kragtige impak verloor (vgl Hogan 2008:135).

### 7.4 Visuele uitbeelding deur middel van die uitvoerende beeld

Narratiewe prediking of verhalende prediking is een van die mees besondere kommunikatiewe instrumente vir post-moderne prediking (Nel 1996:129; Collison 2000:2; Jensen 2005:127). Ongelukkig verstaan ’n groot hoeveelheid predikers en teoloë onder narratief alleen die mondelinge of skriftelike verhaal soos dit oor die

jare binne die modernisties-gedrewe homiletiek beskryf en aangewend is (vgl Jensen 2005:135; Lischer 2005:41 en 91; Pagitt 2005:87).

Drama, dans, mimiek en poppespel as deel van die genre van die uitvoerende kuns is egter ook volwaardige visuele narratiewe wat daarom sinvol met die prediking geïntergreer kan word (Beach 2004:9; vgl Vos en Pieterse 1997:129). Hier is die uitsluitlike verskil dat dit nie op ‘n mondelinge wyse soos die denkbeeldige narratief oorgedra word nie, maar eerder op liggaamlike wyse as deel van die uitvoerende kunsgenre (vgl Vos en Pieterse 1997:128).

Die erediens is reeds deurspek van liggaamsbewegings soos die gewyde houding en die buig van hoofde onder gebed (Vos en Pieterse 1997:129). Volgens Barnard is die mens ’n eenheid in sy of haar betrokkenheid binne die erediens, en speel die dimensie van die liggaamlike en liggaamsbewegings hierin ’n sentrale rol (Barnard 1995:219).

In die volgende paragrawe word na hierdie dinamiese en opwindende bedieningsmediums gekyk met die doel om praktiese riglyne vir die sinvolle integrering daarvan met die prediking op te stel (vgl Vos en Pieterse 1997:130), wat predikers kan help om met vertroue van hierdie treffende visuele uitbeeldings gebruik te maak:

### 7.4.1 Uitvoerende visuele metafore

Tot voor die reformasie was teater ’n doodnormale deel van die kerk se visuele geloofsuitdrukking binne die liturgie (Comby 1985:153). Hierdie teaterproduksies is selfs binne die erediensruimte aangewend (Comby 1985:153). Ikonoklasme het uiteraard ook tot gevolg gehad dat hierdie uitbeeldingstyl vir die kerk verlore gegaan het (vgl Detweiler 2005:98).

Prediking kan vandag weer goed uitgebou word deur die sinvolle aanwending van oudiovisuele kunsvorme soos dramas, mimieke, danse en poppespele, wat juis die visuele styl van prediking ondersteun (Jones 2001:21). Selfs skilderkuns, beeldhouwerk en die filmmedium sou sinvol binne eredienste aangewend kon word om die effektiewe oordrag van geloofsinhoud en geloofsbelewing uit te bou (Detweiler 2005:98; Van Tonder 2006:109).

Prediking binne die post-moderne konteks is volgens Jones minder woord-georiënteerd – met ander woorde minder klem word op die verbale geplaas en ander mediums word nét so effektief en selfs meer effektief aangewend om daardie selfde boodskap te kommunikeer (Jones 2001:21; Hogan 2008:147; vgl Campbell 1981:20). In ’n visueel-gedrewe konteks (Pagitt 2005:87) kan uitvoerende visuele uitbeeldings kragtige momente van verkondiging en belewing skep (vgl Beach 2004:219).

Immers bevind die post-moderne mens homself en haarself in ’n multi-sensoriese kultuur en kan dus moeilik ánders aangespreek word (Van Tonder 2006:109). So verstaan, is oudiovisuele uitvoerende kunsvorme nié iets uit die bose of blote vermaak nie, maar ’n Godgegewe instrument waarmee mense met die evangelie bereik kan word en daarom heel vanpas binne die erediens as verkondigings- en aanbiddingsgebeure (vgl Beach 2004:10, 211 en 242; vgl Detweiler 2005:98).

### 7.4.2 Gemeentespanne

Elke gemeente het kunstenaars en akteurs wat wag om ontdek te word (Beach 2004:261). Hierdie artistieke mense kan ’n geweldige bydrae tot die erediens en preek lewer indien hulle uitgenooi en uitgedaag word om hulle

kunstige vermoëns aan te wend vir iets wat ewigheidswaarde toevoeg en die potensiaal besit om tien teen een die grootste avontuur van hulle lewe te word (Beach 2004:261).

’n Dramaspan, mimiekspan, dansspan en poppespelespan (naas die musiekspan, tegniese span en videospan) skep nie net geleentheid vir verrykende bediening en betrokkenheid nie, maar ook vir persoonlike groei en gemeenskap met ander gelowiges (Beach 2004:261).

Verby is die tyd dat die dominee en orrelis die erediens alleen kon aanbied (vgl Beach 2004:9). Gemeentelede raak met hulle besondere geestelike gawes betrokke by liturgiese handelinge en verkondiging (Niemandt 2007:109).

Natuurlik bly die geheim vir sukses dat die spanne wat hierdie kunsvorme binne die erediens beoefen, duidelik ingelig moet wees oor die spesifieke bydrae wat hulle tot die boodskap moet lewer sodat dit werklik effektief by die preek kan inskakel, en sodoende ’n kragtige verkondigingsrol kan speel (Van Tonder 2006:109).

Gereelde visionering en bemoediging behou die motivering en toewyding van erediensspanne (Beach 2004:40; Jensen 2005:107). Deurlopende leierskap is ’n noodsaaklikheid om die spanne bymekaar en gefokus te hou.

Die hoë standaard en artistiese erns waarmee hierdie kunsvorme aangebied moet word, kan nooit genoeg beklemtoon word nie (Van Tonder 2006:109; vgl Warren 2006; Beach 2004:208). Om hulle rol binne die erediens behoorlik te verstaan, is dit noodsaaklik om hierdie spanne te betrek by die beplanning deur weeklikse beplanningsessies te hou (Beach 2004:53; 73).

Gereelde dinkskrums in samewerking met die kreatiewe spanne skep selfs groter kreatiwiteit rondom eredienste en preke (Beach 2004:178; Young 2006). Terugvoer en evaluasie waarby die spanne betrokke is bevorder ook groei en kwaliteit (Beach 2004:106 en 113).

### 7.4.3 Selfverduideliking

Stevenson waarsku teen die oordrewe poging van predikers om altyd alles te wil verduidelik (Stevenson 1981:42; vgl Burke 2005:86). Veral wanneer dit by die uitvoerende kunste kom, is die genre van so aard dat dit hetsy selfverduidelikend is en voldoende vleis het om op eie meriete te steun (Van Tonder 2006:107) of andersins oop is vir interpretasie-moontlikhede wat juis van dit kuns maak (Romanowski 2007:18).

Ruimte moet altyd gelaat word vir die visueel intelligente kyker van vandag om eie konklusies te maak (Johnston 2001:160). Massamedia en die populêre kunste het die visuele kyker uitmuntend geleer om geweldige komplekse betekenisspronge te maak en inhoudelike waarde toe te voeg, wat van die hedendaagse kyker ’n uiters bekwame visueel geletterde op die gebied van die visuele kommunikasie maak.

### 7.4.4 Integriteit

Korrelasie met die werklikheid skep by die post-moderne hoorder/kyker wat soekend is na egtheid, die gevoel dat hy of sy met vrymoedigheid na die uitvoerende visuele uitbeelding kan kyk (Beach 2004:210). Prekerigheid, manipulasie en onnatuurlikheid in dramas, mimieke, danse en poppespele moet daarom ten alle koste vermy word (Beach 2004:210).

Simplistiese uitkomste verdring die integriteit van die kunsvorm omdat die hoorder/kyker geensins uit persoonlike ervaring daarmee kan assosieer nie. Misrepresentasie van die lewe dra die beeld van oneerlikheid en valsheid aan die post-moderne mens oor (Beach 2004:210). Geloofwaardigheid open kommunikasiekanale sowel as mense se harte vir die dieperliggende boodskap (vgl Lischer 2005:126).

Modernistiese mense woon eredienste by om die vraag te beantwoord: ‘Is dit waar?’ Post-moderne mense woon eredienste by om die vraag te beantwoord: ‘Is dit eg?’ (Sweet 1999:215). Sodra die hoorder/kyker iets van sy of haar eie belewing van die lewe in die visuele voorstelling sien, skep dit openheid en ontvanklikheid (Johnston 2001:70).

## 7.5 Visuele uitbeelding deur middel van die menslike verbeelding

Enigeen wat oor die kerk en die teologie wil nadink, moet dit met verbeeldingrykheid kan doen, want die Bybel is niks anders as kuns nie (Niemandt 2007:112). Verbeelding beteken om iets tot bestaan op te tower wat nog nie bestaan nie (Troeger 2007:60). Verbeelding het egter die roumateriaal nodig wat dit kan aktiveer. Sulke roumateriaal verskaf aan die prediker die moontlikhede waarmee die gemeente op ’n emotiewe geloofsreis begelei kan word.

Stories en verhale is juis sulke roumateriaal (Johnston 2001:155; vgl Burke 2005:75). Inderdaad is dit nie die enigste roumateriaal waarmee die verbeelding aangegryp kan word nie. Visuele kuns, musiek en visionêre saamdroom is maar nóg ’n paar van die vorme waarmee die verbeelding in beweging kan kom (Jensen 2005:87; vgl Niemandt 2007:113). Uitvoerende kuns en uitbeeldende kuns spreek ook net so goed tot die verbeeldingsdimensie van die mens.

Tog bly dit die narratief wat sonder enige ander hulp as die blote gesproke of geskrewe woord, tot die diepste dimensies van die menslike verbeelding kan deurdring deur die mens binne-in die storie en daarmee binne-in die leerervaring te bring (Zander 2006; Robinson 2006; vgl Lischer 2005:92). Narratiewe plaas mense op die vlak van gedeelde menslikheid (Johnston 2001:155).

Waar die verhaal vir die prediking aangewend word, gaan geloof meer oor "...recognition than cognition" (Jensen 2005:127). Hoorders/kykers sien hulleself en hulle eie lewens in die storie. Ook die implikasies daarvan vir hulle lewens sowel as die aanpassings waarvan hulle daardeur bewus raak, spring uit die verhaal na vore (Jensen 2005:127).

Om die narratiewe preek te laat lewe en 'n daadwerklike impak te laat hê, speel die verbeeldingskrag 'n kritiese rol (Denison 2006:43; Carter Florence 2008:121). Aldus Robinson speel die narratief op beide speelvelde van sowel die linkerbrein as die regterbrein – die linkerbrein kom in spel om die storie te *v*erstaan; die regterbrein kom in spel om die storie te *v*erbeel (Robinson 2006; Burke 2005:75).

Vir die verbeelding van die gemeente om binne die preek ontsluit te word, moet 'n deur geopen word vanaf die linkerbrein-logika na die regterbrein-beeldende dimensie van die menslike psige (Miller 2006). Een van die kragtige wyses waarop hierdie deur oopgesluit kan word, is deur die narratiewe medium (vgl Lischer 2005:100), en met die kunstige aanbieding daarvan, kan die deur wyd oopgestoot word sodat die mens op 'n regterbreinvlak aangespreek kan word (vgl Denison 2006:43).

Hieronder volg praktiese riglyne vir die prediker wat hierdie brug na die post-moderne mens se verbeeldingsdimensie wil bou deur van die narratief gebruik te maak:

### 7.5.1 Gebruik van narratiewe

Aanwending van helder beeldspraak in die narratiewe prediking is ’n noodsaaklikheid (Johnston 2001:171; vgl Lischer 2005:119). Vae veralgemenings en dorre, harde woorde konnekteer nie met mense nie en misluk daarin om denkbeelde te help vorm (Johnston 2001:159).

Woord-ekonomie gekombineer met weldeurdagte en duidelike beskrywings stimuleer wel die menslike verbeelding (Johnston 2001:159). Spanning kan sinvol in die storie gebruik word deur byvoorbeeld die uitkoms of ontlonting van die verhaal uit te stel (Young 2006; Johnston 2001:158). Spanning kweek afwagting en afwagting kweek ontvanklikheid (Miller 2006).

Belangstelling moet altyd deur die storie geprikkel word. Mense het ’n diepe behoefte aan inspirasie en hoop (Lischer 2005:96). Deur die narratief met opwinding en interessante beskrywings aan te bied kan die belangstelling geprikkel word en mense meer deelnemend begin luister en kyk (Miller 2006).

Om die storie in te lei, is ’n broodnodige kuns wat aangeleer moet word indien die verteller wil hê dat die storie mense moet saamneem en veral na die boodskap van die preek moet begelei (Johnston 2001:159). ’n Inleiding kan die verhaal maak of breek (vgl Lischer 2005:97 en Hogan 2008:142).

In plaas daarvan om byvoorbeeld te begin met ‘’n Man stap in ’n winkel in...’ kan die storie die hoorder/kyker sterker vasgryp deur dit te begin met ‘Almal het nuuskierig opgekyk toe dié vreemde karakter met sy sakkerige klere instap...’

’n Retoriese vraag kan ook ’n goeie inleiding skep: ‘Het jy ook al gevoel of jy...?’ (Johnston 2001:158). Sodra die prediker op hierdie wyse met ’n verhaal of ’n inleiding tot ’n preek begin, voer dit die hoorder/kyker mee (vgl Hogan 2008:140). Onmiddelik skep dit ’n verwagting dat die prediker die moeite werd is om na te luister omdat hy of sy so goed verstaan en aansluiting vind by die omstandighede van die hoorder/kyker. Retoriese vrae skep emosionele verbinding tussen die prediker en die hoorder.

### 7.5.2 Gebruik van metafore

Volgens Vos is metafore die vonke wat deur die menslike verbeelding aangesteek word (Vos 2007:22; Vos 2008:39). Verbeelding en metafoor loop dus altyd hand aan hand. Metafore word gebruik om die mens te help om die onbekende en onverstaanbare te verken en te verstaan (Vos 2007:23).

Daarom is die Bybel so vol van metaforiese taal. Bybelse metafore beskryf immers ’n dimensie só vreemd en ver verwyderd van die alledaagse leefwêreld van die mens, dat dit in geen ander taal as metaforiese taal uitgedruk kan word nie. Deur metafore te gebruik wat die alledaagse leefwêreld nader aan die Goddelike wêreld (rééds ’n metafoor) bring, verkry die mens toegang tot hierdie tot dusver ontoeganklike wêreld (vgl Vos 2007:23).

Omdat metafore sulke kragtige sleutels is waarmee die geloofservaring oopgesluit kan word, is dit ’n onmisbare instrument vir elke homileet wat binne die hedendaagse samelewing wil preek (vgl Detweiler 2005:82). Predikers sal daarom moet leer hoe om kreatief met die Bybelse metafore

om te gaan, maar ook hoe om nuwe lewende metafore te skep wat tot die hedendaagse mens spreek (Beach 2004:181; vgl Lischer 2005:119).

Kreatiwiteit ontstaan in ’n kombinasie van God as die Skepper wat die prediker op ’n kreatiewe geloofsreis saamneem (die kén van God) en die prediker wat sy of haar gehoor en omgewing verstaan (die ken van die konteks – Johnston 2001:64; Tubbs Tisdale 2008:75). Goddelike inspirasie geskied alleen in ’n lewende relasie tot God (Beach 2004:137).

Om metafore te skep wat kragdadig impakteer, sal die prediker met tye bereid moet wees om groot te waag (Beach 2004:175; vgl Pelkey 2005:80). Per geleentheid sal die prediker selfs gelief moet neem om ’n metafoor te skep wat aanvanklik uitstekend lyk, maar binne die erediens uiteindelik geheel en al misluk (Beach 2004:180).

Geen metafoor of vergelyking is ooit volledig toepaslik nie, omdat dit altyd ’n beperkte menslike beeld is wat ’n Goddelike waarheid wil oordra (vgl Prokes 1996:xiv). Predikers moet altyd daarteen gemaan word om nie die beeldspraak allegories te ver te wil neem nie, aangesien dit die geloofwaardigheid daarvan kan beïnvloed.

Literêre metafore open geestesbeelde wat in die gedagtewêreld beliggaam word, soos in Vos se gedig, ‘’n foto in woorde,’ so goed geïllustreer (Vos 2009:97):

“dit is my geliefde

die een aan haar regterkant
is haar vermoorde broer

die een aan die linkerkant
haar vervloekte minnaar
voor ek in die prent was

sy omhels albei met oorgawe
asof in laaste haastige groet

vir die hartstog kom ek nader."

### 7.5.3 Gebruik van rituele

Niemandt maak daarop attent dat eietydse rituele 'n wonderlike wyse is waarop geloofswaarhede op 'n kreatiewe manier uitgedruk kan word (Niemandt 2007:115). Behalwe dat dit deelname en interaksie bevorder, en die totale mens daarby betrek (Buitendag 2009:228), skep dit ook herinneringe en geloofsbakens waarmee mense se geloof versterk kan word (Beach 2004:170). Rituele wat betekenisvol en dramaties gevul is, nooi mense tot deelname waarin hulle harte volledig uitgestort kan word (Long 2001:88; vgl Buitendag 2009:228).

Rituele is die taal van die post-moderne mens en predikers moet hierdie taal leer praat sodat momente geskep kan word waar God op 'n dieper vlak as blote taal kan spreek (Beach 2004:223; vgl Vos en Pieterse 1997:120 en 121). Wanneer mense binne die erediens en selfs die preek by die punt gebring word waar hulle self ook iets konkreet en aktief doen, skud dit hulle uit hulle passiwiteit en open dit al hulle sintuie vir 'n unieke leerervaring (Zander 2006).

Een geheim vir ’n ritueel wat mense werklik kan aanspreek en nog vir jare lank as ’n geestelike baken van geloofsversterking kan dien, is om dit met groot omsigtigheid te kies. Sodra mense in ongemaklike posisies geplaas word, of onwaardige rituele moet uitoefen, het dit negatiwiteit tot gevolg en word die groeigeleentheid daarmee gestuit. Rituele moet met die waardigheid en smaakvolheid wat binne die erediens tuishoort, aangewend word en ook mense binne die erediens respekteer (vgl Long 2001:88).

### 7.5.4 Gebruik van die kunste

Kuns is die visuele voortsetting van God se skeppingswerklikheid deur middel van die menslike verbeelding (vgl Niemandt 2007:114 en Pelkey 2005:81). Vandaar kan dit God besonderlik verheerlik (Beach 2004:165). Ruimte vir die kreatiewe uitingsvorme van die grafiese en beeldende kunste kan sinvol binne die erediens geskep word deur byvoorbeeld een of ander genre binne die liturgie in te bou soos om te skilder of te skryf (Niemandt 2007:114).

Deur byvoorbeeld ’n kunstenaar te gebruik om ’n pottebakkers-kunswerk op die verhoog te skep terwyl die prediker daaroor preek, kan ’n geweldige en onvergeetlike impak op al die sintuie van die hoorder/kyker maak en die teks kragtig huis toe dryf (Beach 2004:237).

Musiek en sang is net sulke magtige sleutels van die verbeelding waarmee mense beweeg, bedien en geraak kan word, en kan besonderlik binne die prediking as ondersteunend tot die boodskap of bepaalde liturgiese ervaring gebruik word (vgl Van Tonder 2001:53; Beach 2004:9; vgl Vos en Pieterse 1997:57).

Wanneer die prediker interaksie met sy of haar eie kreatiwiteit het, kan daardie kreatiwiteit natuurlik nie sonder enige grense op die gemeente losgelaat word nie (vgl Pelkey 2005:80). Beach bied daarom vier belangrike vrae wat telkens gevra moet word wanneer in die kreatiewe proses ingegaan word:

- ‘Beweeg hierdie simbool, metafoor, kunswerk, ritueel my?’
- ‘Is dit teologies suiwer en Bybels waar?’
- ‘Het dit kunstige integriteit?’
- ‘Is dit smaakvol?’ (Beach 2004:208).

Positiewe beantwoording van hierdie vier vrae sal outomaties kunstige waardigheid en kommunikatiewe integriteit aan die visuele uitbeelding verleen en die gemeente positief daarop instel (vgl Beach 2004:208).

## 7.6 Visuele uitbeelding deur middel van visuele oordrag

Miller pleit vir ’n hoorbare preek wat sienbaar moet word (Miller 2006). Hiermee bedoel hy ’n preek wat op ’n sigbare wyse kommunikeer en prentjies skep deur die liggaamlike betrokkenheid van die prediker. In sy argument identifiseer hy verskeie praktiese maniere waarop hierdie verskuiwing kan plaasvind – al hierdie maniere het te doen met die prediker se persoon en kommunikasiestyl:

### 7.6.1 Ego van die prediker

Mense luister en kyk graag na ’n prediker wat net soos hulle met diep menslike kwessies en geloofsake worstel en eerlik genoeg daaroor kan

kommunikeer (Miller 2006). ’n Prediker wat die boodskap oordra dat hy of sy beter as die gemeente is, of wat oorkom asof hy of sy nie ook menslik en swak is nie, konnekteer nie werklik met die gemeente nie (vgl Vos en Pieterse 1997:23).

Egosentrisme bou ’n ondeurdringbare kommunikasiemuur tussen die prediker en die gemeente wat hulle ore en oë vir die boodskap sluit (Miller 2006; vgl Lischer 2005:35). Een dimensie van die prediker se ego wat kommunikasiemure bou, het te make met die homileet se negatiewe en selfs veroordelende afpraat na diegene van wie hy of sy verskil (Zander 2006). Dit verbeeld aan die gemeente dat die prediker nie respek het vir ander se standpunte of die plek op die geestelike reis waar hulle hulself op daardie oomblik bevind nie (Zander 2006).

Ego-prediking word daarom dikwels geassosieer met elitisme: die persepsie dat daar ‘n groepering van ‘ons’ versus ‘julle’ bestaan (Johnston 2001:127). Veroordelende kritiserende prediking sonder genade (outoritêre prediking volgens Vos en Pieterse 1997:23) skep afstand en laat niemand naby toe nie. Hoe die prediker iets sê, is immers nét so belangrik as wat hy of sy sê (Johnston 2001:127).

### 7.6.2 Egtheid van die prediker

Post-moderne mense luister en kyk moeilik na modernistiese predikers wat so gestruktureerd, afgerond en oortuigend oorkom dat hulle wonder of sulke predikers die volle waarheid praat (Zander 2006; vgl Lischer 2005:44). Slegs sodra die hoorder/kyker kan glo dat die prediker waar en eg is, kan hy of sy vertrou word om na te luister (Zander 2006; vgl Beach 2004:191 en Nel 2001:51).

Omdat post-moderne mense eerder met hulle oë as ore luister, vertrou hulle ook eerder wat hulle sien as hoor: 'Ek gee nie om hoeveel jy weet voordat ek nie weet hoeveel jy omgee nie' (vgl Garrety 2005:90). Predikers wat bang is om vanuit hulle eie lewens te praat, skep verwydering tussen hulle en die gemeente wat 'n vertrouensbreuk tot gevolg kan hê (Pagitt 2006).

'n Prediker wat egter sy of haar persoonlike worsteling kan deel terwyl 'n eie menslikheid in die boodskap na vore kom, breek kommunikasiemure af (Johnston 2001:109). 'n Homileet wat met kommunikasie wil slaag, moet eenvoudig net wees wie hy of sy is betreffende persoonlikheid, persoonlikheidstipe, generasie, styl, eie-maak van die inhoud en passie (Young 2006; Johnston 2001:111; Fry Brown 2008:106 en 107; Nel 2001:51).

Hedendaagse mense wil ook weet dat predikers persoonlik die advies wat hulle gee gevolg het, alhoewel hulle nog geensins gearriveer het nie (Johnston 2001:109). Mense luister graag na iemand wat weet waaroor die menslike stryd gaan en tog steeds die Bybelse boodskap ernstig opneem. 'n Boodskap wat geïnternaliseer is in die prediker se persoonlike menswees en lewe, dra 'n besondere soort egtheid uit wat geensins deur tegniek en kommunikasievaardigheid nagemaak kan word nie.

### 7.6.3 Verhouding van die prediker met die gemeente

Hoorders/kykers sit met 'n onuitgespreekte vraag in hulle binneste wanneer hulle na 'n prediker kyk: 'Hoe is ons dieselfde?' (Miller 2006). Identifikasie met die gemeente is van die uiterste noodsaaklikheid (vgl Vos en Pieterse 1997:23). Voordat die vraag deur die prediker gevra word: 'Waaroor praat ek?' moet die prediker eers die vraag vra: 'Met wie praat

ek?' (Johnston 2001:7). 'n Gehoor medebepaal die inhoud sowel as die boodskap.

Mense is oop en ontvanklik wanneer hulle 'n verhouding met die homileet ontwikkel (vgl Vos en Pieterse 1997:23, Fry Brown 2008:102 en Nel 2001:50; Oskamp en Geel 1999:102). Wat die prediker vóór of ná die preek kommunikeer is van ewe veel belang as wat hy of sy tydens die preek kommunikeer (Miller 2006). Deur geen verhouding met die gemeente te ontwikkel rondom die erediens nie, word die impak van die erediens en veral die preek self ernstig verskraal (vgl Nel 2001:50).

### 7.6.4 Entoesiasme van die prediker

Mense assosieer makliker met iemand wat opgewonde en passievol oor die boodskap is (Miller 2006; vgl Nieman 2008:29 en 30). Wanneer die prediker emosieloos en verveeld oorkom, kom die boodskap ook sonder emosie oor en verveel dit die hoorder/kyker. Passie kan nie anders as om oor te spoel nie (Beach 2004:234). Entoesiasme is hoogs aansteeklik en vurigheid uiters inspirerend.

Entoesiasme kom egter nie vanself nie: "Teachers become passionate as a result of intentional study, personal discoveries of Biblical truth and living with their message all week long" (Beach 2004:234). In die proses van getroue voorbereiding en die verpersoonliking van die boodskap kom iets bonatuurlik in beweging waardeur God self opgewondenheid en oortuiging in die hart van die prediker plant.

### 7.6.5 Stem van die prediker

"Speech communication includes sounds, gestures, events and people" (Fry Brown 2008:102). Projeksie van die preekstem verhoog die aandag van die hoorder/kyker (Miller 2006). Stemtoon sowel as die afwisseling van volume, tempo, toonhoogte, illokusie, stembeheer, pousering, stiltes en vokale energie verhoog die kommunikasie van die boodskap en vergroot die betrokkenheidsvlak van die gemeente (Allen 2006; vgl Fry Brown 2008:175; Oskamp en Geel 1999:171 en 172; Morris 1996:108-114).

Goeie storievertellers, soos wat die prediker van die toekoms sal moet wees (Jensen 2005:127; vgl Lischer 2005:92 en Detweiler 2005:82) se eerste instrument vir die vertel van 'n goeie storie is die stem; geen prediker wat ’n goeie narrator wil wees, sal daardie instrument kan ignoreer of afskeep nie (Fry Brown 2008:170 en 180).

### 7.6.6 Liggaam van die prediker

Naas die eerste instrument van die prediker, die stem, is daar die tweede instrument, naamlik die prediker se liggaam. Die menslike liggaam dien as ’n openbaringsimbool wat sekere dinge bekend maak in byvoorbeeld gesigsuitdrukking en gebare (Prokes 1996:79; vgl Vos en Pieterse 1997:126; Fry Brown 2008:112 en 113; Grobler en Schenck 2009:50).

Postuur en liggaamstaal spreek tot die gemeente (Pagitt 2006; vgl Nieman 2008:32). Hoe die prediker sy of haar liggaam gebruik in die oordrag van die boodskap kan die kommunikasie van daardie boodskap drasties laat toeneem of afneem (vgl Vos en Pieterse 1997:127; Grobler en Schenck 2009:48; Fry Brown 2008:179).

Deur byvoorbeeld van die een kant van die verhoog na die ander kant toe te beweeg om twee kante van ’n saak visueel uit te druk, van agter die preekstoel of kateder uit te kom om ’n punt te maak, van plek of posisie te verander wanneer byvoorbeeld ’n storie vertel word, om vir ’n oomblik te gaan sit om ’n bepaalde punt te maak, op ’n keer selfs vanuit ’n leuenstoel te praat of selfs per geleentheid tussen die gemeente in te beweeg, kan alles meehelp om die kommunikasie te versterk en die aandag vas te vang (Young 2006).

’n Prediker wat van agter die preekstoel uitbeweeg, dra die boodskap van openheid en toeganklikheid oor (Johnston 2001:151). Liggaamstaal kommunikeer egter meer as net die hoorbare boodskap: onderliggend is daar ’n tweede boodskap van eerbied en heiligheid wat ook deur die prediker se gepaste liggaamstaal uitgedra word (Long 2001:22). Enige prediker wat die liggaam op ’n ligtelike of irriterende wyse gebruik, sal die preek ook daardeur beïnvloed.

### 7.6.7 Bevryding van preeknotas

Preeknotas kan uiters striemend op die kommunikasieproses inwerk (Pagitt 2006). ’n Prediker wat sy of haar teks goed genoeg ken kan die boodskap met soveel meer egtheid, natuurlikheid en oortuiging oordra as iemand wat notagebonde preek.

Nie alleen dra dit die boodskap oor dat die prediker goed voorbereid is nie, maar getuig dit ook aan die gemeente dat dit vir die prediker ’n saak van groot erns is. ’n Prediker wat die erns van die saak in sy of haar aanbieding uitdra, sal die gemeente oortuig dat dit iets is om behoorlik aan aandag te verleen (Pagitt 2006).

Prediking as dialoog en trialoog is ’n spontane gebeurtenis en kan nie bloot afgelees word nie (vgl Barnard 2009:268). Uiteraard hoef die prediker nie ’n volledige preek sonder notas te lewer nie; dit sou ook striemend op die kommunikasieproses kon inwerk indien die prediker begin soek na woorde of gedagtes en selfs belangrike dele van die preek uitlos of swak oordra. Notabevryding beteken nié ’n spontane vrye gebrabbel sonder struktuur en natuurlike vloei nie.

Deur egter selfs net sekere momente van die preek, soos ’n verhaal of ‘n illustrasie, los van notas en die preekstoel oor te dra, kan reeds ’n kragtige impak op die kommunikasie aan die gemeente hê. Oogkontak word geweldig verbeter wanneer bevryding van preeknotas geskied. Oogkontak is een van die belangrikste aspekte van kommunikasie omdat dit raakvlakke tussen mense skep (Barnard 2009:268).

## 7.7 Visuele uitbeelding deur middel van dialoog en deelname

Elke erediens moet ’n ontmoeting wees tussen die gemeente en die Here, waar die erediens verloop as ’n dialogiese gebeure waarin die heil van God bemiddel word en deur die gemeente beleef word (Handboek vir die erediens 1983:2). Naas die elemente van verkondiging en lering, moet daar ook die elemente van viering, lof en aanbidding aanwesig wees (Van Tonder 2006:38).

Hierdie groot gesprek tussen God en mens, mens en God, sluit die volledige mens as holistiese wese in, en skep daarom ook ruimte vir die mens om onderling dialoog te voer – vandaar die trialogiese gebeure binne die erediens. Alle mense het immers die verwagting om ’n lewende ontmoeting met God en sy gemeente in die erediens te beleef (Wagner-Ferreira 2005:38). Post-moderne mense is

uitgehonger vir belewenisse met God (Long 2001:21) en gemeenskap met ander (Johnston 2001:123).

Hierdie dialogiese ontmoetingsgebeure vind egter nie altyd binne die erediens plaas nie (Van Tonder 2006:39). Een van die redes hiervoor is dat die erediens en veral die prediking deur die post-moderne mens as vreemd en ver verwyder van die werklikheid beleef word (Pieterse 1979:36). Verder is die gemiddelde erediens nog steeds in die modernistiese kleed van monologiese redevoering geklee (Pagitt 2006; Niemandt 2007:110).

Vandag bestaan die tendens aan ’n behoefte na prediking wat niemand uitsluit nie (Wagner-Ferreia 2005:38). Hierdie soort prediking kan alleen geslaagd wees indien die boodskap by elke hoorder/kyker daarvan tuis kom (Van Tonder 2006:39), en die boodskap gaan alleen tuis kom indien hy of sy daarvan deel gemaak word. Godsdiens is tog ten diepste deelnemend van aard (Niemandt 2007:104).

’n Verdere rede vir die gebrek aan die dialogiese ontmoetingsgebeure, het daarom juis te make met die feit dat die hoorder vir die grootste deel van die erediens passief en onbetrokke is (Wagner-Ferreira 2005:38). Eredienste het grotendeels in ’n monoloog ontaard waar die homileet alleen aan die woord is (Niemandt 2007:110).

Liturgie word verder ook dikwels as stagnant en dood ervaar, eerder as daardie dinamiese ruimte waar die gesprek tussen God en mens en mense onderling as stereologiese gebeure aan die gang kan kom (vgl Handboek vir die erediens 1983:5). Selfs hierdie meer meelewende liturgie is egter steeds afhanklik van die liturg wat bepaal waar en wanneer die gemeente aan die woord kom (Niemandt 2007:110).

Vanweë die oorheersende eenrigting-verkeer binne die erediens, beheer die liturg die verloop, die inligting, die gesprek, die belewing sowel as die uiteinde daarvan (Pagitt 2006).

Vir Pagitt help dialoog egter glad nie indien dit nie iewers heen beweeg nie (Pagitt 2006). Hierby bedoel hy ’n dialogiese interaksie wat duidelike Bybelse uitkomste het, soos die verdieping in die verhouding met die Here, geestelike groei, die ontdekking van waarhede wat die lewe transformeer en dialogiese gebeure wat troos en hoop bring (Pagitt 2006).

Om dialoog en uiteindelik ook trialoog binne die erediens te bevorder, moet die prediker sy of haar eie ongesproke boodskap nooit onderskat nie. Predikers wat van bó af na die gemeente toe praat terwyl hulle die boodskap uitdra dat hulle rondom daardie spesifieke saak wat tematies in die erediens aan die orde is alles reeds uitgemaak en oorwin het, stuit spontane en gemaklike gesprek (vgl Johnston 2001:127).

Eerder moet predikers altyd eerlik genoeg wees om hulleself as medereisigers en medesoekers aan die gemeente oor te dra – dit dek die tafel vir dialoog en trialoog (Zander 2006; vgl Johnston 2001:121).

Aangesien post-moderne gelowiges graag aktief aan die erediens wil deelneem en interaksie wil beleef (Niemandt 2007:105) moet maniere en praktiese riglyne gevind word om daardie deelname aan te moedig. Hieronder word ’n paar praktiese voorbeelde gemeld van hoe die dialogiese en trialogiese gebeure binne die erediens en die preek, veral wat die uitbeeldende dimensie betref, uitgebou kan word:

### 7.7.1 Oop-einde-prediking

Ware dialoog en veral trialoog beteken dat die preek so oop is dat die prediker nie ’n vaste uitkoms vooraf kan bepaal nie – in medewerking met die Heilige Gees en die gemeente word vertrou dat die uitkoms in die loop van die gesprek sinvol tot konklusie sal kom selfs al verander die aanvanklike beoogde uitkoms (Niemandt 2007:110; Detweiler 2005:82).

Post-moderne mense wil tog toegelaat word om sélf te interpreteer en betekenis toe te voeg, en hierdie geleentheid moet in die erediens en preek ingebou word (Van Tonder 2006:106). Preke wat al die antwoorde wil gee, dra die boodskap van oneerlikheid en geslotenheid oor, sluit die kommunikasiekanale dig toe en sny die groeigeleenthede summier af (vgl Johnston 2001:127). Misterie wek betrokkenheid (vgl Detweiler 2005:82).

### 7.7.2 Apologetiese prediking

Post-moderne prediking vereis preke wat nie summier aanvaar dat almal wat voor die prediker sit ’n basiese begrip van die teologiese en Bybelse konsepte het waarmee gewerk word nie (Johnston 2001:81). Baie hedendaagse erediensbesoekers verwerp die Christelike geloof vir ’n verskeidenheid van filosofiese of persoonlike redes (Johnston 2001:83).

Apologetiese prediking gaan van die veronderstelling uit dat die hoorder/kyker oortuiging nodig het wanneer dit by die Skrifwaarhede kom. Daarom bied dit ruimte vir kwessies waarmee mense worstel, stoei dit met twyfel, uiter dit moeilike vrae, spreek dit voorveronderstellings en persepsies aan, en oordink dit eerlik die kritiek van skeptici (Johnston 2001:82).

Wanneer van apologetiese prediking gebruik gemaak word, skep dit gronde vir dialoog en trialoog binne sowel as buite die erediens, en dra dit die beeld uit van openlikheid en uitnodiging tot gesprek. Apologetiese prediking maak plek vir leer en selfontdekking eerder as legalistiese afdwinging (Johnston 2001:82).

### 7.7.3 Skrifprediking

Post-modernisme se wantroue in die gesag van die geskrewe teks bring mee dat die prediking se uitgangspunt vanuit die Skrif outomaties onder verdenking staan (Johnston 2001:88; Detweiler 2005:82). Skrifprediking verkeer in stryd met die hedendaagse mens se skeptisisme en suspisie rondom taal en woord. Binne die modernisme het prediking altyd vanuit die gesag van die Skrif as Woord van God vertrek (Johnston 2001:88).

Post-modernisme beskou die teks as relatief en gesag as onderdrukkend; hulle glo nie bloot wat die prediker sê omdat die Skrif so sê nie (Johnston 2001:121; Detweiler 2005:79). Aansprake rondom die gesag van die Skrif skep by post-moderne mense die persepsie dat daar nie ’n openheid vir gesprek en kritiese ondersoek is nie, terwyl dit ook die indruk laat dat dit slegs onnadenkende en naïewe mense is wat iets bloot op gesigwaarde of as gevolg van ander se aansprake aanvaar (Johnston 2001:89).

Om mense met verloop van tyd te laat groei na ’n verstaan van die Skrifgesag en respek vir die Bybel, moet die hedendaagse prediker eerlike geleenthede binne die prediking vir dialoog skep. Selfs net die respekvolle wyse waarop die prediker persoonlik die Bybel hanteer kan alreeds die boodskap uitdra dat dit iets besonders is wat die aandag verdien (Long 2001:23).

Meer as dit moet die prediker nie bang wees om die post-moderne mens met die Skrif in kontak te bring nie – eerstehandse ervaring van die skoonheid en wysheid van die Bybel deur mense wat moontlik nie veel meer daarvan weet as wat op e-posse of sms'e rondgestuur word nie, kan meebring dat hulle heerlik verras word (Johnston 2001:90).

In die aanslag van die prediking moet die boodskap ruimte gee vir nadenke en vryheid van keuse – nie druk plaas of appèl uitoefen sonder genoegsame tyd en sensitiwiteit nie (Johnston 2001:91). Die beeld wat die prediker dus hier moet skep, is een wat die worstelreis aandui wat hy of sy persoonlik meegemaak het om by die geloofskonklusies uit te kom wat hom of haar uiteindelik oortuig het. Hierdie reis moet duidelik vir die hoorder/kyker in die prediking uitgebeeld word (Johnston 2001:91).

### 7.7.4 Genadeprediking

Legalisme het oor die jare meegebring dat dialoog en trialoog binne die erediens volledig uitgesluit is (vgl Johnston 2001:126). Wettisisme het die vreugde en vryheid van die evangelie gesteel alhoewel dit vir sommige mense 'n valse illusie van veiligheid geskep het. Daar is dikwels so op mense se skuldgevoelens gespeel dat die algemene gevoel waarmee die erediens verlaat is een van algehele tekortkoming was (Johnston 2001:125).

Deur vergifnis en genade te preek, word die prediker ook daarvan bevry om individue met reëls te probeer hervorm of tot konformasie te manipuleer (Johnston 2001:126). Hierdie taak van verandering word nou in die hande van die Heilige Gees gelos, eerder as op die skouers van die prediker geplaas. Legalisme onderdruk innerlike oortuiging en skep 'n valse gehoorsaamheid wat weer die persepsie van skynheiligheid laat.

Genadeverkondiging speel ’n kritiese rol in die skep van dialoog en trialoog binne die erediens, omdat dit mense bevry en aanmoedig om oor hulle eie swakheid en worsteling te praat, eerder as om dit te probeer verdoesel. “Modernity struggled with grace because rationally speaking, it didn’t make sence” (Johnston 2001:124).

Hierdie soort genadeprediking bring ‘n nuwe klem op die mens se gewete deur eerder die appèl te plaas op Goddelike besluite wat mense neem in relasie tot God en omdat hulle verstaan waarom dit belangrik is. Eerder as om te preek, ‘Want die Bybel sê so,’ moet die prediker mense liewer eerlik begelei tot begrip en insig in die redes daarvoor, sodat hulle sélf tot die persoonlike oortuiging van die belangrikheid daarvan kan kom (vgl Johnston 2001:127).

### 7.7.5 Besprekingseredienste

’n Geslaagde manier om dialoog en trialoog binne die erediens te bevorder, is om geleenthede vir bespreking van die preek te gee (Niemandt 2007:110). Lidmate kry die kans om vrae te vra, eie opmerkings by te voeg en op daardie wyse die preek met hulle eie ervaring te verryk (Niemandt 2007:110).

’n Besondere wyse om die positiewe invloed van die massamedia binne die erediens te verreken, is byvoorbeeld om ’n paneelbespreking aan te bied met ’n paar individue wat saam met die gemeente oor ’n bepaalde onderwerp gesels. ’n Alternatiewe wyse om gesprek te bevorder is die aanwending van die ‘oop-mikrofoon’ of draagbare mikrofoon wat vir die gemeentelede se insette beskikbaar is (Zander 2006).

Per geleentheid kan ’n gespreksblad in die afkondigingsblaadjie geplaas word waarop mense hetsy skriftelik kan reageer, of in groepies met mekaar in gesprek kan tree. Ook die aanwending van ‘Facebook’ en gespreksblaaie op die Internet in die week voor of na die preek kan goeie dialoog en trialoog bevorder.

### 7.7.6 Getuienisse

Post-moderne mense is geensins anti-religieus nie, maar wel anti-kerklik: daarom is hulle steeds oop vir persoonlike outobiografieë van mense wat hulle persoonlike belewing van God met ander deel (Johnston 2001:110; vgl Garrety 2005:83). Mense assosieer met ander se eerlike stryd en word sterk daardeur aangespreek (Johnston 2001:111).

Ware lewensverhale waar gemeentelede die geleentheid kry om hulle eie stories te vertel, kan die dialogiese en trialogiese gebeure binne die erediens en prediking dramaties versterk (Niemandt 2007:110; Garrety 2005:83). Sulke verhale gee aan mense hoop omdat dit prakties uit ander se lewens illustreer dat die geloofsreis wel moontlik is. Wanneer iemand daarmee kan assosieer, skep dit gedeelde waarheid sowel as geleentheid vir gesprek.

Sodra mense ’n ware lewensverhaal van iemand anders hoor, beleef hulle egtheid en waarheid waarteen nie gestry kan word nie (Beach 2004:202). Juis diegene wat onseker en bang oorkom en selfs hier en daar oor hulle woorde tydens hulle getuienisse struikel, word steeds as opreg beleef en sluit aan by die menslike ervaring van die gemeente (Beach 2004:202).

Wanneer dit by openbare getuienisse kom, lê Beach duidelike riglyne neer waarna goed gelet moet word: die persoon wat getuig moet vooraf sy of haar getuienis neerskryf en die liturg moet dit dan saam met daardie persoon voor die getuienisgeleentheid deurgaan om te verseker dat dit duidelik en logies oorkom (Beach 2004:202). Op hierdie wyse dien die liturg as klankbord om die inhoud sowel as die aanbieding te kontroleer.

As die persoon die getuienis lewer, is dit belangrik dat daardie persoon die getuienis so getrou as moontlik voorhou soos dit op die vooraf geskrewe teks neergepen is, om die persoon meer op sy of haar gemak te plaas sowel as om te verseker dat by die essensie en vooraf-bepaalde tyd gebly word (Beach 2004:202). ’n Korter getuienis het altyd groter impak as ’n uitgerekte een – wanneer die getuienis te lank raak of deurmekaar begin klink, verloor dit die gemeente se belangstelling.

Niemandt maak ook rondom die gebruik van getuienisse in eredienste ‘n verdere goeie voorstel (Niemandt 2007:110). ’n Geleentheid vir getuienis kan byvoorbeeld in die erediens of tydens die preek gegee word waar mense twee-twee na mekaar draai en iets van God in hulle lewens met mekaar deel (Niemandt 2007:110). Op ’n volgende keer kan ’n ‘oop’ mikrofoon aan vrywilligers beskikbaar gestel word om baie kortliks iets teenoor die res van die gemeente te getuig.

### 7.7.7 ‘Twitter-eredienste’

Een vorm van dialogiese en trialogiese prediking, is die elektroniese interaktiewe en werklike-tyd geselsmediums, bekend as Internet mikroblog-dienste waarvan ‘Twitter’ ’n meer bekende voorbeeld is (Henderson 2008:1). Hierdie kommunikasie-tegnologie word al hoe meer deur

gemeentes aangewend in ’n poging om die dialogiese en trialogiese gebeure binne die erediens te verhoog (Harris 2009:1).

Ongelukkig kom hierdie nuwe tegnologie ook nie sonder uitdagings nie, en moet prakties-teologies daaroor besin word. Prakties beteken dit dat die opmerkings, insette en lopende kommentaar van die gemeente direk op die projeksieskerms geprojekteer word vir almal om te sien terwyl hulle dit nog op hulle selfone tik (Hendricks 2008:1; Henderson 2009:1). Gemengde gevoelens bestaan rondom die aanwending van ‘Twitter’ binne die erediens en veral die preek (Harris 2009:1).

Aan die negatiewe kant bestaan die mening by iemand soos Harris dat ‘Twitter’ die aandag sal aftrek van die erediensgebeure aangesien die een wat ‘Twitter’ gebruik op daardie oomblik nie aktief na die preek luister of kyk nie, maar op sy of haar eie bydrae konsentreer (Harris 2009:2). Verder kan dit deelnemers in die versoeking lei om na hulle sms’e of eposse te kyk terwyl die erediens aan die gang is, of selfs met mekaar op MXit te kommunikeer (Harris 2009:2).

Aan die positiewe kant bestaan die mening by iemand soos Voelz dat dit vir die multitaak-geslagte van die visuele generasie geen probleem is om meer as een ding gelyk te doen nie, en dat daar van die neem van aantekeninge tydens die preek dieselfde gesê sou kon word (Voelz 2008:2). ’n Verdere voordeel is dat dit aan die interaktiewe geslag die geleentheid bied om sinvol aan die erediens deel te neem binne ’n genre wat vir hulle bekend en gemaklik is – dit sal juis hulle aandag hou eerder as aftrek (Hendricks 2008:1). So kan die verloop van die gesprek ook visueel gevolg word.

Aangesien 'Twitter' 'n interaksie-geleentheid vir trialoog verskaf terwyl dit die prediker help om die gemeente se reaksie op die preek baie beter te 'lees' en onmiddellik daarop te reageer, kan 'n paar opsies vir die sinvolle aanwending daarvan oorweeg word sonder dat dit die wesensaard van die erediens benadeel.

Behalwe gespreksdienste wat per geleentheid aangebied kan word waar die erediens 'n totaal ander dinamika en klem het, kan 'n 'Twitter-moment' binne die erediens ingebou word wat nie die volle erediens in beslag neem nie, of 'n 'Twitter-gesprek' direk na afloop van die erediens aan die gang gesit word (vgl Harris 2009:2).

'n 'Twitter-geleentheid' kan egter ook baie uitsluitend wees deur sekere generasies van mense wat nie oor daardie selfoontegnologie beskik of dit kan gebruik nie geheel en al verby te gaan. Wanneer sulke geleenthede dus in eredienste geskep word, moet dit met groot sensitiwiteit beplan word.

## 7.8 Samevatting

Hiermee is die praktiese riglyne vir beeldkommunikasie in die verskeie gestaltes binne hedendaagse prediking vanuit die praktyk saamgestel en begrond. Met hierdie bepaalde riglyne tot sy of haar beskikking, kan die post-moderne homileet nou na die praktyk beweeg waar die riglyne in diens van die erediens en prediking toegepas kan word en die visuele intelligensie kan toeneem.

Ten slotte word in die laaste hoofstuk van hierdie studie gekyk na enkele voorbeelde uit die preekpraktyk, wat met hierdie riglyne as basis, visuele prediking tot 'n werklikheid maak. Hierdie voorbeelde dien as konkrete illustrasies van hoe die voorgestelde praktykteorie in die praktyk kan werk.

’n Verskeidenheid van voorbeelde wat visuele uitbeelding aanwend, word gebruik om visuele prediking in die verskillende gestaltes te illustreer soos dit binne spesifieke visuele preekkategorieë ingebed word. Elke voorbeeld sal telkens op sekere dimensies van bostaande praktiese riglyne konsentreer en talle van hierdie riglyne kombineer tot ’n sinvolle visuele preek.

# HOOFSTUK AGT

# PRAKTIESE ILLUSTRASIES VAN VISUELE PREDIKING

## 8.1 Inleiding

Om die evangelie-roeping uit te leef, word na kontekstualisering gevra (Johnston 2001:153). Hierin was Jesus natuurlik die groot meester (Johnston 2001:152; Beach 2004:238). Nooit het Jesus in sy fokus op die boodskap sy hoorders uitgesluit nie (Johnston 2001:149; vgl Russinger 2005:32). In elke geval waar Jesus met iemand in ’n kommunikasieproses gegaan het, het Hy van hulle verstaan af gewerk na die ongeopenbaarde werklikhede van God (Johnston 2001:152).

In Handelinge 17:22 en 23 sluit Paulus net so effektief aan by die konteks van sy hoorders (Johnston 2001:153; Beach 2004:47): “Ateners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is. Terwyl ek deur julle stad geloop en kyk het na die plekke waar julle aanbid, het ek ook ’n altaar gekry waarop geskrywe staan: ‘Aan ’n onbekende god.’ Nou ja, wat julle aanbid sonder om daarvan kennis te hê, verkondig ek aan julle” (Die Bybel: Nuwe Vertaling 1983).

Vandag vereis die prediking steeds van die prediker om deur die stad te loop en te kyk. Voordat gepreek kan word, moet eers geluister word. Johnston pleit dat die prediker van vandag na homself of haarself as ’n kommunikeerder sal kyk (Johnston 2001:149). ‘Prediker’ veronderstel iemand met ’n boodskap; ‘kommunikeerder’ veronderstel iemand wat kommunikasie-interaksie met ’n hoorder/kyker het met die doel om kommunikatief te slaag en die boodskap te laat tuiskom (Johnston 2001:150).

Noudat hierdie luisteraksie in die bestudering van die hedendaagse konteks prakties-teologies binne die studie plaasgevind het, kan die aandag na die teks en die verpakking van die teks verskuif word met die oog daarop om kontekstueel en relevant op sigtelike wyse te preek (vgl Garrety 2005:90). Verpakking van die teks of inhoud behels die bepaling van die tipes preke waarbinne visuele kommunikasie effektief kan funksioneer (Jensen 2005:124).

Vervolgens word praktiese voorbeelde van die visuele prediking aan die post-moderne multi-sensoriese heelbreinmens kortliks voorgehou. Elke voorbeeld vanuit die preekpraktyk fokus telkens op een of meer van die verskyningsvorme van die visuele sigtelike metafoor soos dit in die verskeie betekenis-kategorieë uiteenval en binne ’n bepaalde visuele preeksoort tuiskom (vgl Jensen 2005:124).

Beklemtoning van die visuele uitbeelding in die voorhou van hierdie voorbeelde sal telkens die voorrang geniet terwyl die inhoud daarvan slegs kursories ter wille van die groter konteks aangedui sal word. Drie kategorieë van visuele preke word hier uitgewys: die visuele beeldpreek, die visuele uitbeeldingspreek en die visuele verbeeldingspreek (vgl Jensen 2005:127-141):

## 8.2 Visuele beeldpreke

’n Visuele beeldpreek sentreer rondom enkele visuele beelde, selfs in sommige gevalle slegs een enkele beeld, wat as deel van die preek op die vertoonskerm geprojekteer of andersins op ’n plat oppervlakte in die erediensruimte uitgebeeld word – dit kan ook ‘skermpreke’ genoem word (vgl Jensen 2005:140). Visuele beeldprediking vereis gewoonlik ’n meditatiewe konteks waar genoegsame ruimte vir oordenking en kontemplasie rondom die uitbeelding toegelaat word.


Hetsy kan ’n geprojekteerde beeld elektronies vertoon word, of kan van een of ander uitbeeldende of grafiese kunsvorm soos tekenkuns gebruik gemaak word (vgl Jensen 2005:ix en xi). Hieronder word twee voorbeelde van die visuele beeldpreek aangedui: die eerste voorbeeld sentreer rondom ’n enkele visuele beeld wat elektronies as ‘preek’ geprojekteer word, terwyl die tweede voorbeeld van die skilderkuns as visuele sigtelike metafoor gebruik maak:



### 8.2.1 ‘Paasfees in ‘n prentjie’





Binne ‘n meditatiewe erediens word bostaande uitbeelding as die fokus van die boodskap aangewend deur dit op ’n gegewe moment as ‘teks’ te vertoon. Vooraf uitgewerkte voorbereidingskyfies word geprojekteer om die gemeente te begelei na die sinvolle interpretasie van en interaksie met die visuele beeld.

Hieronder volg ’n voorbeeld van die ‘PowerPoint-aanbieding’ wat tydens ’n kontemplatiewe erediens gebruik kan word om die gemeente sonder die hulp van ’n fisiese liturg, deur die dialogiese proses in wisselwerking met die visuele beeld in die erediens te begelei. Let wel dat hierdie skyfie-aanbieding ter wille van die vloei van die erediens en die dramatiese interaksie op multi-sensoriese vlak sónder enige onderbreking of aankondiging geskied:

| | |
|---|---|
|   | Inkomskyfie:<br>Skyfie word vertoon saam met gewyde instrumentale musiek wanneer die gemeente in die erediensruimte inbeweeg |
|   | Luisterskyfie:<br>Skyfie word vertoon saam met die speel van ’n dramatiese lied, ‘Getuienis van ’n hoofman,’ wat die kruisgebeure in sang en musiek uitbeeld |

| | |
|---|---|
|   | Liedskyfie:<br>Gewyde gemeentesang terwyl gemeente bly sit |
|   | Liedskyfie:<br>Gewyde gemeentesang terwyl gemeente bly sit |
|   | Liedskyfie:<br>Gewyde gemeentesang terwyl gemeente bly sit |
|   | Liedskyfie:<br>Gewyde gemeentesang terwyl gemeente bly sit |

| | |
|---|---|
|  | Liedskyfie:<br>Gewyde gemeentesang terwyl gemeente bly sit |
| Bestudeer die volgende prentjie aandagtig en biddend... | Begeleidingskyfie:<br>Skyfie word vir ongeveer vyftien sekondes vertoon om die gemeente voor te berei vir die 'preek' |
|  | 'Preekskyfie:'<br>Skyfie word vir ongeveer vyf minute vertoon terwyl die gemeente nadenkend en biddend daarmee visuele interaksie het |
|  | Aktiwiteitskyfie:<br>Gemeente neem die spyker wat vooraf op elke sitplek geplaas is in die hand en volg die belewingsinteraksie met die skyfie sowel as die spyker (Vertoon vir ongeveer een minuut) |

| | |
|---|---|
|  | Teksskyfie:<br>Teksskyfie begelei die kyker van die 'preek' na die Skrif (Vertoon vir ongeveer twee minute) |
|  | Gebedskyfie:<br>Skyfie word vir ongeveer tien minute vertoon om gemeente voldoende tyd vir stilword, meditasie en verootmoediging in gebed tot God te gee |
|  | Voorbereidingskyfie:<br>'n Lied wat die gemeente vir die nagmaal voorberei word sittende gesing |
|  | Instellingskyfie:<br>Skyfie word vir ongeveer dertig sekondes vertoon as instelling van die nagmaal |

| | |
|---|---|
|  | Sakramentskyfie:<br>Skyfie word vertoon totdat elke gemeentelid die tekens van die nagmaal by die vooraf gedekte tafels in die erediensruimte gebruik het, en daarna vir die kruisplanting uitbeweeg het |

### 8.2.2 'God se skilderdoek'

('n Kunstenaar neem met die aanvang van die erediens plek in op die verhoog agter 'n groot skoon skilderdoek, en begin om spontaan te skilder – die skilderwerk se bedoeling is om God met daardie bepaalde gawe van kreatiwiteit te loof en kan ook tematies daarby aansluit, terwyl die erediens aan die gang kom en die gemeente in aansluiting daarby God deur sang en musiek loof).

"Ons is hier in God se teenwoordigheid; ons staan saam met die miljoene engele rondom God in diepe verwondering en aanbidding."

(Speel van die lied, 'Praise Overture,' terwyl 'n voorleser uit Op 4:1-11 lees as deel van die aanbiddingsmoment; die kunstenaar gaan steeds voort met die kunswerk van lof op die verhoog).

"Ek en jy is God se skilderdoek. Hy is die skilder wat op ons 'n kunswerk skep soos Hy wil. Ons wys vir God. Net soos die skilderdoek toon wat die kunstenaar kan doen, wys ons wat God kan doen. Ons wys Hom af – ons vertoon sy grootheid en wys hoe wonderlik Hy is."

“Die skilderdoek is nie belangrik nie – dit is gewone lap op ’n eenvoudige houtraam vasgesit.”

(Die prediker vra aan die kunstenaar hoeveel die skilderdoek kos, en laat die persoon duidelik hoorbaar antwoord).

“Die skilderwerk op die doek is wél belangrik.”

(Die prediker vra weer aan die kunstenaar hoeveel die kunswerk sal kos wanneer dit voltooi is, en gee die persoon geleentheid om te antwoord).

“En as die groot meester, Leonardo da Vinci, op hierdie skilderdoek sou skilder, hoeveel sou die kunswerk dán werd wees?”

(Die kunstenaar antwoord met ’n buitensporige bedrag).

“Dit gaan nie oor die lap nie, maar oor die kunswerk daarop! Ons lewens gaan ook nié oor ons nie. Dit gaan oor God! Sien jy ooit die doek raak? Nee, jy sien die kunswerk raak.”

(Die prediker neem ’n groot wit karton met ‘n swart kol daarop en vra aan die gemeente wat hulle sien: die kol of die papier).

“Ons fokus natuurlik gewoonlik op die kol, alhoewel die papier duideliker sigbaar is. Sien mense God raak as hulle na jou kyk? Kan jy uit die pad kom sodat God gesien kan word? Die Here wil jou lewe ’n kunswerk maak wat in die hande van die groot Kunstenaar iets besonders en waardevol word. God as die Kunstenaar van die nuwe lewe gee aan ons waarde.”

(Die prediker verander van posisie op die verhoog; ’n pianis kom op die verhoog gestap en gaan sit agter die klavier en begin saggies in die agtergrond die eenvoudige deuntjie ‘Chopstix’ speel).

“’n Klein dogtertjie het op die verhoog geglip, agter die klavier gaan sit en begin om ‘Chopstix’ op die klavier van ’n groot musiekteater te speel. Die uitvoering was reeds verby en almal het tussen die banke gestaan en kuier. Sy het met pokkelrige kindervingertjies, hortend en stotend voortgesukkel en haar ma was besig om na haar toe te stap om haar daar weg te neem, toe die bekende pianis wat opgetree het, nader stap en langs haar agter die klavier gaan sit. Hy het vir haar geglimlag en haar aangemoedig om aan te hou speel.”

(Die pianis begin ’n meer komplekse weergawe van die lied ‘Chopstix’ speel terwyl die volume van die klavierspel toeneem en die erediensruimte dramaties vul).

“Toe het die bekende pianis begin saamspeel, en skielik het hierdie eenvoudige deuntjie soos ’n kunstige uitvoering begin klink.”

(Die prediker pouseer sodat die gemeente na die lied kan luister en daarmee meegevoer kan word, totdat die pianis die lied op ’n hoogtepunt afsluit).

“Na die tyd het die skare in ekstase vir die pianis en die dogtertjie hande geklap.”

(Die prediker haal ’n sterk jaglamp uit terwyl die ligte van die erediensruimte verdoof).

“In Mat 5:14-16 gebruik Jesus die beeld van lig om te verduidelik dat ons lewens bedoel is om gesien en gehoor te word. Lig kan nie in die donker weggesteek word of toegemaak nie – dit is net te duidelik sigbaar.”

(Die prediker probeer sonder veel sukses om die lig toe te maak, eers met die hande en daarna met ’n doek; steeds skyn die lig deur).

“Gelowiges se lewens is veronderstel om die lig te wees wat God verhelder! Lig het hier twee betekenisse vir die volgelinge van Jesus: hulle lewens moet sigbaar én stralend wees.”

“Sigbaar verwys na die eerste beeld van die stad op die berg in vers 14. Gelowiges se lewens moet sigbaar wees in dié sin dat hulle in die lig leef; oop en eerlik.”

“Stralend verwys na die tweede beeld van die lamp op die staander in vers 15. Gelowiges se lewens moet stralend wees in dié sin dat hulle ’n positiewe getuienis uitdra waarvan mense nie anders kan as om kennis te neem nie.”

“Beide beelde wat Jesus gebruik wil die boodskap verkondig dat God se werk in en deur gelowiges ’n sigbare verskil maak wat deur ander raakgesien sal word en waarvoor hulle God sal verheerlik. Sodoende is ons besig om God uit te beeld, en word ons ’n sigbare uitbeelding van sy werk en inspirasie in ons lewens, net soos hierdie skilderwerk ’n uitbeelding van die inspirasie van die kunstenaar word.”

(Die prediker sluit die preek af deur na die kunstenaar voor die skilderdoek te beweeg en almal se aandag op die voltooide kunswerk te fokus).

"Hierdie skilderdoek vertoon die kunstige vermoëns van die kunstenaar – alhoewel die kunswerk in die oog is, is die kunstenaar die fokus van bewondering! Hierdie is die taak van elke gelowige: om mense God se groot werk in ons te laat raaksien, en Hóm daarvoor te eer."

## 8.3 Visuele uitbeeldingspreke

Visuele uitbeeldingspreke verskil van visuele beeldpreke in daardie sin dat eersgenoemde visuele sigtelike uitbeelding gebruik om 'n boodskap oor te dra. Waar die beeldpreek van fisiese geprojekteerde of mensgemaakte uitbeeldings op 'n plat oppervlakte gebruik maak, wend uitbeeldingspreke fisiese visuele metafore aan: metafore wat op 'n konkrete wyse deur middel van 'n fisieke visuele uitbeelding in die orediensruimte of op die verhoog uitgebeeld word (vgl Beach 2004:169; 221; 236-239).

Hieronder volg twee voorbeelde van visuele uitbeeldingspreke: die eerste preek sluit sterk by 'n spesifieke Skrifgedeelte aan en is uiters geskik vir 'n oop en informele eredienssituasie of gesinserediens waar met groter gemak, interaksie en spontaneïteit opgetree kan word. Preek twee is moontlik eerder geskik vir 'n selfs groter informele situasie soos 'n kamppreek omdat die uitbeelding sélf as teks dien wat die Bybelse boodskap deur middel van persoonlike belewing en interaksie tuisbring:

### 8.3.1 'Die gevaarlikste voorwerp in ons huise'

1. Inleiding:

"Wat sou die gevaarlikste voorwerp in ons huise vandag wees?"

(Die prediker betrek die gemeente deur geleentheid te gee om deelnemend te reageer, wanneer hulle telkens met die opsteek van hande stem).

"Is dit dalk die een of ander elektriese implement?
Is dit dalk Pa se vuurwapen?
Is dit dalk die TV?
Is dit dalk die horlosie?"

"Kom ek wys vir jou wat ék glo die gevaarlikste voorwerp in ons huise vandag is…"

('n Groot leunstoel wat onder 'n doek toegemaak was, word dramaties afgehaal om die leunstoel te ontbloot).

"Wat maak 'n leunstoel dan so gevaarlik? Daar is tog nie elektriese strome nie. Geen skerp kante nie. Dit is stewig en veilig. Om die waarheid te sê, dit is baie gemaklik en gerieflik. Kom ek wys jou!"

(Die prediker nooi 'n vrywilliger om homself of haarself op die gemakstoel te kom tuismaak).

"Maak jou so gemaklik as moontlik. Wag, kom ek help jou... hier is 'n sjokolade, 'n koeldrank en 'n afstandbeheer. Wys vir ons nou hoe doen jy dit by die huis!"

(Die vrywilliger maak die koeldrankblikkie oop en neem 'n slukkie, vat 'n happie van die sjokolade, skop die uitskopdeel van die stoel uit en sit dan gemaklik agteroor met die afstandbeheer in die hand, kwansuis besig om deur die TV-kanale te blaai).

“Sjoe – dít lyk nou baie lekker! Ek wens ek was jý! Ek wens ek kon die erediens net hier los! Ek wens ek kon net wegraak in die gemak van hierdie leunstoel. Net van alles en almal vergeet. Myself verloor in een of ander TV program...”
(Die prediker pouseer vir ’n oomblik dramaties).

“Haai, wag ‘n bietjie… is dít nie dalk hoekom hierdie stoel so gevaarlik is nie?
Nóú verstaan ek die gevaar aan ‘n leunstoel verbonde!”

(Die prediker kyk na die gemeente en wys na die vrywilliger).

“Lyk ons vrywilliger na iemand wat gereed is om op te staan en iets te gaan doen?
Lyk hy/sy na iemand wat reg is om tot aksie oor te gaan?
Lyk hy/sy lus om met die gesin of huweliksmaat of vriende tyd te spandeer?
Lyk hy/sy enigsins lus om ‘n verskil te maak?
Lyk hy/sy lus om iets vir die Here te gaan doen?
Glad nie!”

“Máár dis nog nie al nie: kyk nou mooi na hierdie gemakstoel... Wat sien jy hier?”

(Die prediker gee geleentheid vir die gemeente om die leunstoel te bestudeer).

“Weet jy wat is die heel ergste van hierdie gemakstoel?
‘n Gemakstoel het net plek vir één persoon!
Dit is ‘n uiters selfsugtige stoel…”

“Wag! Stop nou eers die bus! Dis mos nou nie die stoel se skuld nie!”

“Nee, dís waar. Die stoel is maar net een van die baie dinge waarmee ek my lewe so gemaklik as moontlik inrig. Die stoel is ’n simbool van my passiewe lewenstyl. Hierdie is die Suid-Afrikaanse droom. Die ‘Lotto-droom.’ ‘Die sjokolade-koeldrank-en-afstandbeheer-ideaal!’”

2. Tema:

“GEMAK is uiters gevaarlik!”

“Ek meen: in my huis het ek alles wat ek nodig het: Skottel-TV met al die denkbare vermaak en 24 uur tydverdryf; telefoon en internet wat my in kontak met die hele wêreld bring; kos, water, slaapplek, ’n klein gimnasium, ontspanning, veiligheid ensovoorts. Al die gerief denkbaar is tot my beskikking. Selfs my kantoor is deesdae by my huis. Ek kan byna enigiets van die huis af bestel wat vinnig by my afgelewer word.”

“Ek hoef nie eens my huis te verlaat nie. Hier is alles wat ek nodig het.
Dit het so maklik geword om net niks meer te doen nie. Om terug te sit…”

“Rom 12:9-21 is ‘n taai teks vir almal wat aan gemak gewoond is. Dié deel wil ons oproep om nie slap te wees of lui te raak nie. Romeine 12 gee die riglyne vir die gelowige se nuwe lewe – en dis ‘n lewe wat nie plek het vir gemaklik raak nie!”

“Gerief is hier die laaste ding wat die Here in gedagte het. Hierdie nuwe lewe vat aan jou lyf, vat aan jou sak, vat aan jou program, vat aan jou gerief. Woorde soos ‘hou vas,’ ‘moenie verslap nie,’ ‘staan vas,’ ‘volhard,’ ‘help,’ ‘lê julle toe,’ ‘skaar,’ ‘sover dit van julle afhang’ en ‘oorwin’ is aktiewe woorde – dis nie ‘Lazyboy-woorde’ nie.”

"Kom ons lees Rom 12:9-21 saam, dan sien jy wat ek bedoel."

3. Inhoud:

"Gemak kan op alle terreine van my lewe gevaarlik wees. Daarom spreek die Here 'n klomp van hierdie areas in dié gedeelte aan. Ons kyk kortliks na 5 terreine waar gemak gevaarlik kan raak:"

- (1) "My verhouding met die Here:"

*"Rom 12:11 en 12:* 'Moenie in julle toewyding verslap nie. Staan vas in verdrukking; volhard in gebed.'"

*"Die Boodskap:* 'Moenie een oomblik verslap in julle diens aan die Here nie. Moenie mismoedig word nie; hou net aan om te bid.'"

*"My Stiltetyd:* dit vra 'commitment,' tyd, vasbyt, dissipline."

*"My bediening:* om vir die Here te bly werk al is dit rof; al is ek besig; al word ek daarvoor vervolg of bespot. Om aan te hou al lyk dit of dit nie werk nie; om tyd te maak om iets vir Hom te doen."

- (2) "My verhouding met my gesin en my huweliksmaat:"

*"Rom 12:9:* 'Die liefde moet opreg wees.'"

*"Die Boodskap:* 'Moenie net maak asof julle mekaar liefhet nie. Nee, wees regtig lief vir mekaar.'"

“*Gesinstyd:* ons gaan baie keer net deur die roetine: eet, TV, huiswerk, take, bad en slaap.”

“*Pa-tyd en ma-tyd:* moenie net maak of jy na jou kinders luister nie; moenie net voorgee dat jy belangstel nie.”

(Prediker gee ’n eenvoudige illustrasie, of die dramaspan sou dit ook goed kon uitbeeld: ‘Pa, jy luister nie na my nie. Hê, askuus my kind, wat het jy gesê?’).

“Kom oor jou moegheid en jou stres – dis makliker om net te gaan sit en koerant lees; ons kinders is dikwels eerder deel van die meubelment.”

“*Huwelikstyd:* Moenie net deur die modusse gaan nie! Moenie mekaar gewoond raak nie. Moenie net tevrede wees nie – wees werklik bevredig.”

- (3) “My verhouding met my geestelike familie:”

“*Rom 12:10 en 11:* ‘Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.’”

“*Die Boodskap:* ‘Julle moet mekaar soos broers en susters liefhê. Besef dat die Heilige Gees in almal van julle woon; dan sal julle mekaar met groot respek behandel.’”

“*My kleingroep:* verskonings; ons kom soms vir weke nie bymekaar nie; tussen die byeenkomste gebeur daar niks nie; ons raak gemaklik – ‘n lekker broeigroep; reik nie uit nie; maak nie ’n verskil buite nie; groei nie in ledetal nie; skep negatiewe persepsies by buitestanders.”

*“My kerklike betrokkenheid:* mis die kerklike byeenkomste; dis makliker om laat te slaap of TV-kerk te kyk.”

- (4) “My verhouding met mense wat swaarkry:”

*“Rom 12:13:* ‘Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.’”

*“Die Boodskap:* ‘Help ander mense wat swaarkry. Wees altyd gasvry. Stel julle huise tot beskikking van gelowiges wat nie ‘n plek het om tuis te gaan nie.’”

*“My roeping:* ‘n mens is nie altyd lus om te reageer wanneer die Here iets vra nie! Dis makliker om geld te gee of te bid.”

(Prediker illustreer dit deur ’n afstandbeheer te gebruik. Terwyl gepraat word, word die afstandbeheer fisies gebruik om die punt te ondersteun).

“Geld werk vir baie gelowiges soos hierdie afstandbeheer. Jy gee geld en hou die probleme en moeite op ’n afstand, terwyl jy nog steeds beheer kan uitoefen en jou sê kan sê! God soek jóú – nie jou geld nie. As Hy jou het, sal Hy outomaties ook jou geld hê.”

*“My betrokkenheid:* waar kry ‘n mens tyd om vir ander om te gee? Ek sien nie kans om by ander betrokke te raak nie – hulle probleme suig jou in; hulle maak jou ongemaklik oor jou eie voorregte en gerief.”

- (5) “My verhouding met mense wat verlore gaan:”

*“Rom 12:20:* ‘As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.’”

*“Die Boodskap***:** ‘Moenie net regsit om ander mense in eie munt terug te betaal as hulle iets verkeerd aan julle gedoen het nie. Laat hulle liewers deel hê in God se goedheid. Vertel vir hulle die goeie nuus van Christus.’”

*“My hart vir soekende mense:* my gemakstoel het net plek vir een persoon – daarom moet ek dit nie te gewoond raak nie. Christenwees gebeur nie op ’n gemakstoel nie, maar daar waar mense nood het en soekend is.”

*“My getuienis:* dis meestal makliker om stil te bly; om nie betrokke te raak nie; om eerder ’n geheime geloofslewe te leef wat geen aanspreeklikheid tot gevolg het nie.”

4. Slot:

“’n Gemakstoel-lewe en hierdie nuwe Christelike lewe kan moeilik met mekaar versoen word. Dis óf die een óf die ander een…”

“Jesus roep ons nie op tot gerief nie, maar tot getuienis!
Hy maak nie die lewe vir ons maklik nie, maar moontlik!”

“Christenskap is egter nie moontlik vanuit ‘n gemakstoel nie.
Jy kan nie ’n dissipel van Jesus wees met ‘n afstandbeheer nie.”

"Dit vat aan jou lyf, aan jou sak, aan jou tyd, aan jou gerief…
Dit vra dat jy sal opstaan, en sal moeite doen."

(Die vrywilliger wat die heeltyd steeds in die stoel gesit en koeldrank drink en sjokolade eet het, sit alles neer en staan met ywer op).

"Ja, dis moeite om hierdie nuwe lewe te lei – máár dis die moeite werd!"

### 8.3.2 'Wil jy 'n malvalekker hê?'

(In 'n kampsituasie waar minstens 'n groep van vyftig mense betrokke is, reël die prediker vooraf met 'n sportiewe jongman wat bereid is om 'n hele aantal opstote voor die groep te doen. Wanneer die boodskap in aanvang neem, begin die prediker deur die vrywilliger vorentoe te nooi en op die verhoog te laat plaasneem).

"Ek het vir elkeen van julle in die groep 'n malvalekker wat ek gratis wil weggee. Maar daar is tóg 'n prys wat vir elke malvalekker betaal moet word. Hierdie vrywilliger moet vir elkeen wat 'n malvalekker wil hê, 'n opstoot doen."

(Die prediker beweeg vanaf een punt van die vertrek deur die héle groep, en gaan staan telkens voor elke individu en vra of hy of sy 'n malvalekker wil hê. Hier is die erns van die prediker se liggaamstaal en gesigsuitdrukking van die uiterste belang om die visuele uitbeelding te laat slaag. Aanvanklik gaan die groep dink dat dit baie humoristies is en grappies daaroor maak, maar die prediker moet voortgaan met die erns van die aktiwiteit sonder om deur die groep se aanvanklike verspottigheid van stryk gebring te word. Verder voltooi die prediker die proses tot by die heel laaste persoon, selfs al begin die boodskap alreeds vroeër in die uitbeelding insink).

“Wil jy graag ’n malvalekker hê?”

(Wanneer die persoon ‘ja’ sê, glimlag die prediker bevestigend, kyk dan in afwagting na die vrywilliger op die verhoog, en vra hom om ’n opstoot vir daardie persoon se malvalekker te doen. Die vrywilliger doen die opstoot deeglik en in alle erns. Wanneer die opstoot gedoen is, oorhandig die prediker die malvalekker op dramatiese wyse aan die individu, en beweeg dan na die volgende persoon).

“Wil jy graag ’n malvalekker hê?”

(Dieselfde gebeure word herhaal wanneer die individu bevestig dat hy of sy ’n malvalekker wil hê. Wanneer iemand egter ‘nee’ sê, tree die prediker met daardie persoon daaroor in gesprek).

“Waarom wil jy nie ’n malvalekker hê nie?”

(Indien die individu reageer deur te sê dat hy of sy nie van malvalekkers hou nie, knik die prediker ernstig).

“Jy gaan baie spyt wees as jy nie dié malvalekker vat nie. Is jy seker jy wil nie weer ’n kans hê om te kies nie?”

(Indien die persoon aanhou weier, knik die prediker weer, en na nog ’n poging of twee, draai die prediker na die res van die groep en bevestig met groot erns en hartseer dat daardie persoon die kans laat verbygaan het. Dan beweeg die prediker na die volgende persoon).

“Wil jy graag ’n malvalekker hê?”

(Van die individue gaan moontlik reageer deur ook te sê dat hulle nie die malvalekker wil hê nie, maar vir ’n heel ander rede. Wanneer die prediker met hulle in gesprek daaroor tree, gaan hulle antwoord dat dit onregverdig is).

“Wat is onregverdig?”

(Die individu gaan argumenteer dat dit nie regverdig is dat iemand anders ’n opstoot moet doen vir sy of haar malvalekker nie. Party sal eerder graag sélf hulle opstoot wil doen).

“Jy kan nie self ’n opstoot vir jou malvalekker doen nie. Nét die vrywilliger kan dit doen. As jy graag ’n malvalekker wil hê, sal jy moet aanvaar dat hy die opstoot vir jou gaan doen.”

(Sommige persone sal weier om toe te laat dat die vrywilliger die opstoot vir hulle doen en daarom eerder sonder die malvalekker wil bly. Hier tree die prediker in ernstige gesprek met daardie persoon).

“Jy moet baie mooi dink. Glo my, jy wíl graag hierdie malvalekker hê; jy kan nie daarsonder nie.”

(Wanneer die individu egter aanhou weier om die malvalekker te ontvang, kan die prediker een van twee dinge doen: òf met weemoed aankondig dat die persoon die kans laat verbygaan en verder beweeg, òf vir die vrywilliger vra of hy bereid sou wees om in elk geval vir daardie persoon ’n opstoot te doen en die malvalekker te verdien, al wil die persoon dit nie hê nie. Elke keer reageer die vrywilliger positief en doen ’n opstoot vir daardie persoon. Die prediker sit dan die malvalekker langs die persoon neer).

"Hier is in elk geval vir jou 'n malvalekker. Die vrywilliger het dit vir jou verdien, al wil jy dit nie hê nie. Jy kan dit vat, jy kan dit weggooi, jy kan daarmee maak wat jy wil – dit is reeds vir jou verdien."

(Van hier af gaan die metafoor stadig maar seker begin deurdring, soos die prediker evangeliese taal begin gebruik sónder om ooit na die Bybel, Jesus of God die Vader te verwys, óf enige Skrifgedeelte aan te haal. Ander individue wat die metafoor begin verstaan, sal sê dat hulle graag die malvalekker wil hê, maar sélf daarvoor wil betaal).

"Ek is jammer, maar jy kán nie self daarvoor die opstoot doen nie, al wil jy ook hóé graag. Nét die vrywilliger kan vir jou malvalekker betaal – niemand anders nie."

(Van die individue gaan weer anders reageer, deur te sê dat hulle weet hulle kan nie sonder die malvalekker klaarkom nie, al weet hulle net so goed dat dit baie onregverdig is dat die vrywilliger dit vir hulle verdien).

"Ek het nooit gesê dat dit regverdig is nie. Ek weet dit is onregverdig en dit breek my hart dat die vrywilliger soveel moet deurmaak vir jou. Ek weet jy verdien nie die malvalekker nie, maar ek wil dit steeds graag vir jou gee."

(Die prediker vra dan die vrywilliger of hy omgee om die opstote te doen, al is dit moeilik én baie onregverdig teenoor hom. Die vrywilliger reageer deur te sê dat hy nie omgee nie, selfs al is dit moeilik en onregverdig. Hy wil dit graag vir die persoon doen. Om dit te bewys, doen hy dan spontaan 'n opstoot en die prediker gee die malvalekker vir die individu met wie die gesprek gevoer is. Moontlik is daar 'n individu wat sy of haar malvalekker sal neem en dit vir die vrywilliger

gaan gee. Wanneer dit gebeur gaan haal die prediker die malvalekker, en gee dit aan die individu terug).

“Die vrywilliger het nie hierdie malvalekker nodig nie. Hy het dit vir jou verdien. Jy het dit nodig. Dit is joune en jy kan dit nie aan iemand anders weggee nie.”

(Wanneer ’n persoon spontaan opstaan en sélf ’n opstoot vir die malvalekker doen, weier die prediker om die malvalekker vir hom of haar te gee).

“Jou opstoot het níks gehelp nie. Niks wat jy doen, kan vir jou die malvalekker verdien nie. Slegs dit wat die vrywilliger doen, betaal sodat jy ’n malvalekker kan kry.”

(Sommige persone sal dalk sover gaan om vir die vrywilliger dankie te sê vir die opstote wat die malvalekkers vir hulle verdien het).

“Dis mooi dat jy dankie sê, maar woorde help nie. Wýs jou dankbaarheid met jou lewe. As jy régtig dankbaar is, neem die malvalekker en eet dit – geniet dit en leef met oorgawe en vreugde as gevolg daarvan!”

(Aan die einde van die geleentheid, hoef die prediker niks verder te sê om die boodskap tuis te bring nie. Hierdie uiters kragtige visuele, interaktiewe en multi-sensoriese metafoor bring die evangelieboodskap tuis en funksioneer as teks sónder dat die Bybel ooit oopgemaak word. Alhoewel die Bybel nooit gelees word nie, sal die evangelieboodskap steeds kragtig en suiwer sonder enige kompromie tot elkeen spreek).

## 8.4 Visuele verbeeldingspreke

’n Visuele verbeeldingspreek verskil van die visuele beeldpreek en die visuele uitbeeldingspreek in daardie sin dat dit die menslike verbeelding oproep en daarmee kommunikatiewe interaksie het (vgl Denison 2006:21 en 26). Hiervoor word geen fisieke sensories-visuele uitbeelding aangewend nie, maar wel relevante metaforiese taal wat dramaties, kunstig en beskrywend gebruik word (vgl Jensen 2005:137).

Vanuit hierdie verbeeldingspel ontwikkel diepere insigte in die menslike situasie wat uiteindelik die teks open en ’n persoonlike appèl op die hoorder/kyker plaas (vgl Denison 2006:9). Vervolgens word twee voorbeelde van die visuele verbeeldingspreek aan die orde gestel:

### 8.4.1 ‘Wat sou jou boodskap aan die wêreld wees?’

“Stel jou voor: jy is in ’n groot stadion volgepak met mense; elke belangrike verslaggewer in die wêreld is daar; op die podium in die middel van die stadion staan die kateder toe onder elke internasionale nuusagentskap se mikrofoon; duisende liggies van kameraflitse verblind jou; kamerapersone staan in rye voor die podium opgestel; ’n geruis van spanningsvolle afwagting druis oor die pawiljoene; dan verminder die geruis, en ’n aankondiger spreek die skare aan; die volgende oomblik kyk hy direk na jou, wys na jou en nooi jou na die podium; die skare begin te juig en jy gaan staan voor die mikrofone; ’n onheilspellende stilte daal oor die stadion neer; op die grootskerms oral rondom die stadion sien jy jouself uitgebeeld; almal kyk aandagtig na jou, en jy begin praat...”

**“As jy die aandag van die wêreldmedia vir vyf minute lank nét op jou alleen kon laat fokus, wat sou jou boodskap aan die wêreld wees?”*

“As jy vir vyf minute lank die internasionale pers se uitsaaityd in beslag kon neem, en jy kon in daardie vyf minute enigiets vir die wêreld sê, wat sou jy sê?”

“Dink ’n paar oomblikke in stilte by jouself daaroor.”

(Die prediker gee tyd vir nadenke).

“Vergelyk nou jou boodskap met iemand langs jou.”

(Die prediker gee tyd vir gesprek).

“Sou jy praat oor vrede? Red die aarde? Versoening? Armoede? God?”

“Het jy ook agtergekom dat dit dalk nie heeltemal so maklik is nie? Om ’n unieke en eenmalige geleentheid te kry om ’n boodskap uit te dra waarna elkeen in die wêreld sou luister... Veral wanneer die hele wêreld se lydendes en swakkes en onderdruktes met spanning na jou op die TV-skerm staar, en hulle hoop dat jy iets sal sê wat die wêreld ’n beter plek vir hulle sal maak... Die heel belangrikste geleentheid van enige mens ooit; die heel belangrikste boodskap ooit!”

**“Wat dink jy sou God se boodskap aan die wêreld wees as Hy vir vyf minute lank die wêreldmedia se aandag het?”*

“Dink ’n bietjie in stilte daaroor na.”

(Die prediker gee tyd vir nadenke).

“Gesels nou weer met die persoon langs jou daaroor.”

(Die prediker gee tyd vir gesprek).

“Sou God oor bekering praat? Sonde? Liefde? Vergifnis?”

“Ek het vandag vir jou ‘n groot verrassing: God hét ’n boodskap aan die wêreld gebring! Hy hét die geleentheid gehad om die belangrikste boodskap ooit te verkondig! Toe die Skepper sy boodskap aan sy skepping wou bring, het Hy iets só radikaal gedoen dat dit steeds vandag vir baie mense ongelooflik en onwerklik is.”

**“As jy, met respek gesê, aan God ’n voorstel vir ’n toespraak aan die wêreld moes maak, hoe sou jý dit doen?”*

“Sou jy dalk die hulp van die President van die VSA se toespraakdeskundiges inroep? Hoe sou jy die toespraak struktureer en watter temas sou jy aanraak?”

“Dankie tog dat ék nie daardie geweldige verantwoordelikheid op my skouers hoef te neem nie! Dankie tog dat God mý nie gevra het nie! Hy het sy eie toespraak geskryf; dit was só anders as wat ek sou dink. God se boodskap het alle verwagtinge oortref.”

(Dramatiese pousering).

“Want sy boodskap was ’n Persoon, nie ‘n preek nie! ‘The Message was a Man!’ Ons lees van God se groot boodskap aan die wêreld in Johannes 1:1-4 en 12.”

(Prediker lees die teks voor).

"God se boodskap was nie 'n toespraak nie. God se boodskap was nie 'n media-advertensie nie. God se boodskap was ook nie 'n blote boek nie. God se boodskap was Jésus! Jesus is die Woord. Die Bybel van vlees en bloed. Jesus was God se preek vir die wêreld! Jesus het God aan ons kom wys."

"Joh 14:9: 'Wie My sien, sien die Vader.' Jesus het nie net die boodskap gebring nie, Hy het nie net die boodskap gepreek nie, Hy wás die boodskap!"

"My en jou boodskap aan die wêreld vandag is ook Jesus! Ons hoef nie te wonder wat ons vir die wêreld moet sê nie. Ons hoef nie ons eie preek of toespraak uit te dink nie. Die preek is klaar gepreek; al wat ek en jy moet doen is om mense na God se preek te laat luister – Jesus!"

"Jy en ek is Christene. Ons dra Jesus se Naam. Ons verteenwoordig Hom. Ons moet Jesus preek met ons lewens. Ons moet Jesus wys: sy waardes, sy standaard, sy moraliteit, sy liefde, sy genade, sy karakter, sy regverdigheid, sy nederigheid."

"Maar ek en jy faal dikwels om soos Jesus te lyk, nie waar nie? Ons is nie altyd sulke goeie preke van Jesus nie. Daarom is ons grootste taak nie om bloot Jesus se lewe, karakter en aard te dupliseer nie. Ons grootste taak is om na Jesus heen te wys te midde van ons eie swakhede."

*"*Moet ons uiterlik soos Jesus lyk?* Party Hollywoodsterre kry dit nogal reg!"

(Die prediker vertoon skyfies van Hollywoodsterre wat uiterlik lyk soos die Jesus wat gewoonlik deur kunstenaars uitgebeeld word).

“Nee! Ons het in elk geval ’n totaal verkeerde prentjie van Jesus wanneer ons dink dat Hy só gelyk het – Hy was verseker nie van die Ariese ras met blonde hare en blou oë soos die meeste prentjies Hom voorstel nie.”

**“Beteken dit dat ons soos Ed Dobson moet maak en fisies soos Jesus moet leef?”*

(Die prediker vertoon ’n foto van Ed Dobson).

“Ed het na sy aftrede as dominee ’n ernstige siekte opgedoen, en besluit dat hy sy laaste paar jaar meer soos Jesus wou spandeer; hy besluit toe om vir ’n jaar lank soos Jesus te leef: aan te trek, te eet, ‘n lang baard te groei, die sabbat en ander Ou Testamentiese voorskrifte te onderhou presies soos Jesus dit as Jood sou doen.”

“In ’n onderhoud met BBC news na die jaar verby was en hy ’n boek daaroor geskryf het...”

(Die prediker vertoon ‘n skyfie van die boek van Ed Dobson),

“...vertel hy egter dat die uiterlike lewe van Jesus die maklikste was, maar om te leef soos Jesus mense in die Bybel geleer het, was vir hom regtig moeilik! Bid vir jou vyande en vergewe hulle – sy seun was twee jaar lank in Irak as soldaat, so dit was vir hom moeilik om te maak soos Jesus sê en vyande lief te hê en vir hulle te bid; nederigheid – draai die ander wang as mense jou spot omdat jy anders is – Ed het daarmee gesukkel in daardie jaar toe hy soos Jesus geleef het en mense hom bespot het. Om Jesus se wil uit te voer en so radikaal soos Jesus te leef, was vir hom die heel moeilikste van alles.”

“Nee! Ons hoef nie soos Ed te maak nie, maar ons moet meer ernstig vra hoe Jesus wil hê ons moet leef, want die boodskap wat ons dikwels aan die wêreld uitdra, wys nie veel van Jesus – van God se Woord en God se preek – nie.”

“Ons praat nes die res, leef nes die res, koop nes die res, ‘surf’ op die Internet nes die res, drink nes die res, kuier soos die res, kyk TV nes die res, neem DVD’s uit nes die res, bestuur nes die res – watse verskil maak Jesus dan regtig?”

“Dink ‘n bietjie oor jou eie lewe.”

(Prediker gebruik telkens pouses tussen elke voorbeeld om geleentheid vir persoonlike refleksie te gee).

“Praat jy regtig anders? Leef jy regtig anders? Kan mense uit jou lewe ’n verskil sien of moet jy eers vir hulle sê jy is ’n Christen voordat hulle dit agterkom? Koop jy anders? ‘Surf’ jy die Internet anders? Drink jy anders? Kuier jy anders? Gaan jy anders uit? Kyk jy TV anders? Neem jy DVD’s anders uit? Bestuur jy anders?”

(Prediker beweeg nader aan die gemeente, of gaan sit, om beklemtoning aan die volgende vraag te gee).

**“As Jesus jý kon wees vir een dag, wat sou Hy in jou lewe verander?”*

“Dink ’n paar oomblikke in stilte by jouself daaroor na.”

(Die prediker gee tyd vir nadenke).

Slot:

(Die video-insetsel, 'Do you know any Christians?' word vertoon).

(Direk daarna en sonder onderbreking speel die lied, 'Do they see Jesus in me?' terwyl die gemeente biddend luister en in gebed tot God reageer).

### 8.4.2 'Die huwelik is nie losdans nie, maar vasdans'

1. Inleiding:

"In die film, 'Take the lead,' speel Antonio Banderas die rol van 'n professionele Baldans-instrukteur met die naam Pierre Dulaine, wat besluit om by 'n moeilike middestadskool met gratis dansklasse te begin."

"Daar begin hy 'n pad stap met 'n jongman en meisie wat moet leer saamdans alhoewel hulle mekaar haat en 'n magstryd met mekaar voer. Die jongman moet leer lei en die meisie moet leer volg, anders kan hulle nie in harmonie en eenheid saamdans nie."

"Pierre leer hulle die belangrikste les van baldans: dis net so moeilik om te volg as om te lei! Dit vra éwe veel krag en selfbeheersing. Sy moet bereid wees om hom te vertrou om die dans te lei; hy moet bereid wees om haar met respek te lei; van beide vra dit groot selfbeheersing en moed om dit te laat werk."

"Op 'n stadium sê Pierre aan die meisie dat sy die jongman moet toelaat om te lei; sy gee dus die toestemming daarvoor, en is nie sy slaaf nie. Sonder haar kan die dans nie werk nie; eers met haar volle samewerking kan die dans 'gebeur.' Hy leer hulle dat om suksesvol vas te dans beide hulle eie ego's moet tweede stel."

2. Boodskap:

“In die huwelik moet beide partye ’n keuse maak:
gaan hulle los dans of gaan hulle vas dans?”

“Los dans is maklik: elkeen kan sy of haar eie ding doen; geen spanwerk word gevra nie; geen opoffering word gemaak nie; elkeen dans soos hy of sy wil; fokus net op hulleself; elkeen kan eintlik sonder die ander een ook regkom en dit steeds geniet en laat werk.”

“Vas dans is moeilik: beide moet op die ander een fokus; hulle moet saam beweeg; ’n eenheid vorm; as ’n hegte span saamwerk; in harmonie as ’n eenheid beweeg; op mekaar ingestel wees; een moet die dans lei en een moet bereid wees om te volg ter wille van die dans – as beide wil lei gaan die dans nooit werk nie, en gaan dit slordig lyk en beide frustreer.”

“God se plan met ’n huwelik is dat dit die mooiste baldans moet wees: in harmonie; vol skoonheid; swewende beweging en vloei; op dieselfde maat en tempo; soos een liggaam – nie meer twee nie maar een; beide intens ingestel op die ander een. Dit vra eenheid om die huwelik te laat werk!”

“Jesus se woorde in Mat 19:5 bevestig die spanwerk en eenheid: “’n Man en vrou sal een wees.”

“In die film, ‘Spiderman 3,’ kom Peter Parker, die alterego van ‘Spiderman,’ by die punt waar hy gereed is om die liefde van sy lewe te vra om te trou. Hy gesels eers met sy tannie daaroor, en sy vertel aan hom skokkende nuus oor die begin van haar huwelik met sy oom. Aanvanklik het sy eers vir sy oom ‘nee’ gesê het toe hy

haar gevra het om met haar te trou. Hoekom? Omdat hy nog nie gereed was vir ’n huwelik nie – hy was nog nie gereed om haar eerste te stel nie!”

“Om vas te dans is om die ander een eerste te stel. Maar wat dan van my? Die ander een sal jou eerste stel. Om jou eerste te stel, is nie jou werk nie, maar die ander een se werk!”

3. Teks:

“Kom ons lees Ef 5:21-31 saam: ‘Dien mekaar,’ is die basis van die woord ‘onderdanigheid,’ wat hier gebruik word.”

4. Toepassing:

“Hierdie is ’n opdrag vir beide die man en vrou. Wees diensbaar aan mekaar; stel mekaar eerste; fokus op die behoeftes van die ander een. So, daar’s geen verskoning vir die een om die ander een te domineer nie.”

*“Die man* is nie die baas nie – hy moet ook dien! God het hulle as gelykes geskep. Hy moet haar liefhê soos Jesus sy kinders liefhet – Hy was bereid om sy lewe vir ons prys te gee; Hy was bereid om ons te kom dien – voete te was; die minste te wees; verneder te word ter wille van ons; ons sonde op Hom te neem en die skuld heeltemal onskuldig te dra.”

“As jy op jou vrou ingeskakel is en haar dien soos Jesus ons gedien het, kan jy hierdie huweliksdans lei sonder dat sy ongemaklik of bedreig voel – dan sal daar geen magstryd wees nie. Die man moet bereid wees om sy vrou net soos Jesus selfloos lief te hê – dit is haar behoefte volgens vers 31.”

*“Die vrou* moet bereid wees om haar man te respekteer en met eerbied te behandel. Hy wil haar held wees – die een wat sy bewonder en na opkyk; die een wat eerste in haar lewe is; haar beste vriend; die een oor wie sy droom wanneer sy ’n romantiese fliek kyk.”

“Sy moet hom dien met die respek en die waardigheid wat hom bemagtig om die huweliksdans te lei; sy moet hom eer met haar liefde en sagtheid – dit is sy behoefte volgens vers 31.”

“Die basis van die huwelik is diensbaarheid. Om mekaar te dien is die hart van God se huwelik. Beide se gesindheid moet wees: ‘Hoe kan ek jou dien?’”

“Die konteks van die huwelik is eerbied, veiligheid en intimiteit. Daarbinne voel beide veilig om te gee en te vertrou om vas te kan dans. Die twee jongmense in die film, ‘Take the lead,’ moes eers mekaar leer vertrou, goeie vriende raak, mekaar respekteer en veilig by mekaar voel voordat hulle regtig kon saamdans!”

5. Slot:

“Wanneer beide man en vrou die opdragte van Ef 5:21 ernstig opneem, sal die huwelik werk. Dan sal dit die mooiste dans wees waarmee God verheerlik word – daardie soort baldans wat mense hipnoties meevoer met die skoonheid en kunstigheid wat almal bewonder en betower; dan sal daar harmonie en vrede wees, en beide se behoeftes sal aangespreek word en beide sal tevrede wees. Dan is daar nie een wat verloor en een wat wen nie – beide wen – die huwelik wen!”

## 8.5 Konklusie

Alhoewel daar in hierdie studie intensief op die hedendaagse konteks gefokus is, bly die Christelike uitkyk nòg modernisties nòg post-modernisties (Johnston 2001:9). "Christianity cannot wholly embrace either modernity or postmodernity, yet it must learn lessons from both; it must vigorously oppose many features of philosophical pluralism, without retreating to modernism" (Johnston 2001:15).

Daarmee word nie bedoel dat die Christelike uitkyk verhewe bó kontekste onaantasbaar staan nie (vgl Tubbs Tisdale 2008:75), maar wel dat die wese van die inhoud van die evangelie van Jesus Christus nooit verander nie. Jesus se goeie nuus is immers steeds dieselfde, alhoewel die vraagstukke van die hedendaagse mens wél radikaal anders as voorheen is (vgl Denison 2006:xi en Tubbs Tisdale 2008:75).

Eerder beteken die bostaande stelling dat die Christelike uitkyk aanpasbaar is en telkens transformerend kan inskakel by die konteks waarbinne dit Goddelike transformasie moet bewerkstellig (vgl Sweet 1999:72). Kritiese onderskeiding bly die hart van die inkarnasionele roeping van die Christendom (Johnston 2001:11; vgl Romanowski 2007:14).

Prediking binne vandag se konteks is sekerlik nog lank nie 'n uitgedateerde kommunikasiemedium nie (vgl Johnston 2001:8 en Lischer 2005:45). Wat wél iets van die verlede is, is die modernistiese kommunikasiestyl van die prediking: die verpakking daarvan binne 'n oratoriese rasionele lesing en liniêre toespraak wat tot mense spreek, maar mense nie meer aanspreek nie (vgl Johnston 2001:9, Hogan 2008:147, Burke 2005:75 en Garrety 2005:90).

Prediking sal net soos die evangelie waarvan dit getuig, nooit deur die strominge van die tyd meegesleur kan word soos in die era van die modernisme juis dikwels die geval was nie. Wanneer dit wél gebeur, word die prediking uitverkoop en verloor dit relevansie en impak sodra die tydstroom in ’n nuwe rigting swenk (Denison 2006:xi).

Vir gans te lank was prediking geassosieer met kategisme-lering wat vir die gelowige tot nut en waarde was, gegiet binne ’n konteks van gedeelde taal waar almal ’n redelike goeie begrip van die verpakking sowel as die inhoud gehad het (vgl Lischer 2005:96). Vandag staan die homiletiek voor die dilemma van vervreemding met die konteks waarbinne dit arbei (vgl Johnston 2001:9 en Burke 2005:78; Sweet 1999:45).

“We can no longer assume that our preaching takes place within a more or less Christian culture. The great narratives of Judeo-Christian belief, the pivotal stories of the Bible’s characters, the epoch of the life and ministry of Jesus Christ, either are not known or do not carry the meaning-making significance they did to previous generations” (Johnston 2001:15). Mense sal vandag opnuut geleer moet word hoe om die wêreld vanuit ’n Christelike verwysingsraamwerk te benader.

Hedendaagse prediking sal daarom weer moet lyk soos die prediking in die tyd van die Nuwe Testament: missionêre preke wat die goeie nuus van Jesus Christus in vreemde wêrelde indra waar Hy nog geheel en al onbekend en selfs onwelkom is (vgl Johnston 2001:10 en Russinger 2005:24). Net soos geen ware sendeling ooit die arbeidsveld sal binnetree voordat hy of sy nie ‘n behoorlike studie van die konteks en taal gemaak het nie, sal prediking ook nie los van die wêreld waarbinne dit geskied kan funksioneer nie (Johnston 2001:10; Harris 2008:90; Tubbs Tisdale 2008:75 en 76).

Wat daarom binne elke konteks aan die prediking gevra moet word, is die vraag: "Word die boodskap net gepreek, of ook gehoor?" (Johnston 2001:9; vgl Fry Brown 2008:102). 'n Vertaling van die homiletiek na die taal van visuele prediking verpak binne die verskeidenheid van visuele sensories-sigtelike metafore, kan preke vir vandag se hoorder/kyker met nuwe lewe vul en vir mense 'n nuwe waardering daarvoor laat ontwikkel (Hogan 2008:147; vgl Pagitt 2005:78 en Detweiler 2005:79).

Prediking is en bly steeds die medium – nié die boodskap nie (Sweet 1999:31). Prediking is bloot die houer wat die water dra (Sweet 1999:72; vgl Hogan 2008:147); die water is daardie lewende water waarvan Jesus Christus gepraat het (Joh 4:14), naamlik die evangelie van goeie nuus wat lewe bring en die geestelike dors les van elkeen wat daarvan drink.